THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 10c OVERSEAS 15c

PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL 214 PRETORIA 4 OCTOBER, 1972 / 4 OKTOBER 1972 1972 3597

WERKSMANS LIBRARY

No. 185 (Administrator's), 1972.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby; in respect of Certain Freehold Lot No. 539, situate in Parktown Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer No. F.7637/1941, remove condition 2.

Given under my Hand at Pretoria this 15th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4/14/2/1990-4

No. 185 (Administrateurs-), 1972.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek; met betrekking tot Sekere Vrypag Lot No. 539, geleë in dorp Parktown, distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport No. F.7637/1941, voorwaarde 2 ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 15de dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4/14/2/1990-4

No. 186 (Administrator's), 1972.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby; in respect of Portion 8 (a portion of Portion 6) of Lot No. 116, situate in Edenburg Township, district Johannesburg, held in terms of Deed of Transfer No. 1954/1969 remove the condition on page 3.

Given under my Hand at Pretoria this 15th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-395-1

No. 186 (Administrateurs-), 1972.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek; met betrekking tot Gedeelte 8 ('n gedeelte van Gedeelte 6) van Lot No. 116, geleë in dorp Edenburg, Distrik Johannesburg, gehou kragtens Akte van Transport No. 1954/1969 die voorwaarde op bladsy 3 ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 15de dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-395-1

No. 187 (Administrator's), 1972.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now, therefore, I do hereby; (1) in respect of Lot No. 811, situate in Lyttelton Manor Extension No. 1 Township, district Pretoria, held in terms of Deed of Transfer No. 4625/1970 remove condition (j).

(2) amend Pretoria Region Town-planning Scheme 1960 by the rezoning of Lot No. 811, Lyttelton Manor Extension No. 1 Township, from "Special Residential" to "Special" and will be known as Amendment Scheme No. 141 as indicated on the annexed Map No. 3 and the scheme clauses.

Given under my Hand at Pretoria this 19th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-811-1

No. 187 (Administrateurs-), 1972.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings 1967, (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek; (1) met betrekking tot Lot No. 811, geleë in dorp Lyttelton Manor Uitbreiding No. 1, distrik Pretoria, gehou kragtens Akte van Transport No. 4625/1970 voorwaarde (j) ophef.

(2) Pretoriastreek-dorpsaanlegskema 1960 wysig deur die hersonering van Lot No. 811, dorp Lyttelton Manor Uitbreiding No. 1 van "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" en staan bekend as Wysigingskema No. 141 soos aangedui op die bygaande Kaart No. 3 en die skemaklousules.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 19de dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-811-1

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME No 141

PRETORIASTREEKWYSIGINGSKEMA No 141

MAP No 3
KAART

(1 SHEET
VEL)

SCALE 1:2500
SKAAL



ERF No 811 LYTTELTON MANOR EXTENSION No 1 TOWNSHIP
UITBREIDING No 1 DORP

REFERENCE - VERWYSING

SPECIAL
SPESIAAL

RECOMMENDED FOR APPROVAL
AANBEVEEL VIR GOEDKEURING

CHAIRMAN TOWNSHIPS BOARD
VOORSITTER DORPERAAD

PRETORIA _____ 19____

PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME NO. 141.

The Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, approved by virtue of Administrator's Proclamation No. 279, dated 21st December, 1960, is hereby further altered and amended in the following manner:—

(1) The map as shown on Map No. 3, Amendment Scheme No. 141.

(2) Clause 15(a), "Table D", Use Zone V (Special) by the addition of the following in columns 3, 4 and 5.

3	4	5
(LXXV) LYTTELTON MANOR EXTENSION NO. 1 TOWNSHIP: Erf No. 811: Doctor's consulting rooms	—	Other uses not under columns 3 and 4

(3) Clause 15(a), "Table D", by the addition of the following proviso:—

XL11) In LYTTELTON MANOR EXTENSION NO. 1 TOWNSHIP:

Erf No. 811.

(a) The height shall not exceed one storey.

(b) Coverage shall not exceed 40%.

(c) Parking shall be provided on the site, in the ratio of three parking spaces for every 125 sq. metres of consulting room area.

(d) A building line of 5 metres shall be applicable along Monument Avenue.

PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 141.

Die Pretoriastreek-dorpsaanlegskema, 1960, goedgekeur kragtens Administrateursproklamasie No. 279, gedateer 21 Desember 1960, word hiermee soos volg verder gewysig en verander:—

(1) Die Kaart, soos aangetoon op Kaart No. 3, Wysigingskema No. 141.

(2) Klousule 15(a), "Tabel D", Gebruikstreek V (Spesiaal) deur die byvoeging van die volgende in kolomme 3, 4 en 5.

3	4	5
(LXXV) LYTTELTON MANOR UITBREIDING NO. 1 DORP: Erf No. 811: Dokterspreekkamers	—	Ander gebruike nie onder kolomme 3 en 4 nie

(3) Klousule 15(a), "Tabel D", deur die byvoeging van die volgende voorbehoudsbepaling:—

(XL11) In LYTTELTON MANOR UITBREIDING NO. 1 DORP:

Erf No. 811:—

(a) Die hoogte sal nie een verdieping oorskry nie.

(b) Dekking sal nie 40% oorskry nie.

(c) Parkeerruimte sal op die erf voorsien word in die verhouding van drie parkeerruimtes vir elke 125 vierkante meter spreekkamerruimte.

(d) 'n Boulyn van 5 meter sal langs Monumentlaan van toepassing wees.

No. 188 (Administrator's), 1972.

PROCLAMATION

In terms of section 20(4) of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931 (Ordinance 11 of 1931), I hereby declare Arcon Park Extension No. 3 Township to be an approved township subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this 27th day of September One thousand Nine hundred and Seventy-two.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province Transvaal.

P.B. 4-2-2-2715

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY HAYBOB INVESTMENT (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDIN-

No. 188 (Administrateurs-), 1972.

PROKLAMASIE

Ingevolge artikel 20(4) van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 1931 (Ordonnansie 11 van 1931), verklaar ek hierby die dorp Arcon Park Uitbreiding No. 3 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 27ste dag van September Eenduisend Negehonderd Twee-en-Sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

P.B. 4-2-2-2715

BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR HAYBOB INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEGORDON-

ANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 64 (A PORTION OF PORTION 13) OF THE FARM WALDRIFT NO. 599-IQ, DISTRICT VEREENIGING, WAS GRANTED:

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name*

The name of the township shall be Arcon Park Extension No. 3.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.5548/70.

3. *Water*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that:—

(a) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;

(b) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (a) above, and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on to the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage, if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority; and

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the abovementioned arrangements.

NANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 64 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 13) VAN DIE PLAAS WALDRIFT NO. 599-I.Q., DISTRIK VEREENIGING, TOEGESTAAN IS.

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam*

Die naam van die dorp is Arcon Park Uitbreiding No. 3.

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.5548/70.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat:—

(a) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(b) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van water in (a) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van 'n erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van, of in verband met die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water deur die applikant gedra moet word, en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl dit deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word, deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee word: Met dien verstande dat tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde watervoorraad oorneem, die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief wat deur die plaaslike bestuur goedgekeur is, kan vorder,

(c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in subparagraph (c), shall accompany the certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery and Depositing Sites and Bantu Residential Area.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Bantu residential area. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals shall be reserved to the applicant.

8. *Cancellation of Existing Conditions of Title.*

The applicant shall at its own expense cause the following conditions to be cancelled:

(1) The Remaining Extent of portion called Beaconsfield of the said farm Waldrift No. 599, Registration Division IQ, district of Vereeniging, measuring as such 1189.6106 Morgen (whereof the property hereby transferred forms a portion) is by virtue of Notarial Deed No. 1033/1955.S, dated the 15th June, 1955, and registered on the 14th October, 1955:—

(i) Subject to certain rights of joint control of underground water in favour of Springfield Collieries Limited, its Successors in Title or Assigns, and

(ii) Entitled to exercise joint control of the underground water under Portion 22 (a portion of the north western portion called Springfield) of the said farm Kookfontein No. 545, Registration Division IQ, district Vereeniging, Measuring 112,4603 Morgen, and held under Deed of Transfer No. 32811/1954 dated the 10th December, 1954,

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem, moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre Dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van die voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vullisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering en distribusie van elektrisiteit deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die Hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas en Stortingsterrein en Bantoewoongebied*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref in verband met die verskaffing van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en -Bantoewoongebied. Indien sodanige verskaffing bestaan uit grond wat aan die plaaslike bestuur oorgedra moet word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur beperk word nie.

7. *Mineraalregte.*

Alle regte op minerale word aan die applikant voorbehou.

8. *Kansellering van Bestaande Titelvoorwaardes.*

Die applikant moet op eie koste die volgende voorwaardes laat kanselleer:—

(1) The Remaining Extent of portion called Beaconsfield of the said farm Waldrift No. 599, Registration Division IQ, district of Vereeniging, measuring as such 1189.6106 Morgen (whereof the property hereby transferred forms a portion) is by virtue of Notarial Deed No. 1033/1955.S, dated the 15th June, 1955, and registered on the 14th October, 1955:—

(i) Subject to certain rights of joint control of underground water in favour of Springfield Collieries Limited, its Successors in Title or Assigns, and

(ii) Entitled to exercise joint control of the underground water under Portion 22 (a portion of the north western portion called Springfield) of the said farm Kookfontein No. 545, Registration Division IQ, district Vereeniging, measuring 112,4603 Morgen, and held under Deed of Transfer No. 32811/1954 dated the 10th December, 1954

as will more fully appear from the said Notarial Deed, and which Servitude is indicated by the figure lettered ABtp on the annexed diagram.

(2) The former Portion 13 (a portion of Portion 1) of the said farm Waldrift (whereof the property hereby transferred forms a portion) is subject to the following condition imposed by the Controlling Authority in terms of Act No. 21 of 1940 namely:—

No building or any structure whatsoever shall be erected within a distance of 300 Cape Feet from the centre line of the National Road without the written approval of the controlling authority as defined in Act 21 of 1940 read in conjunction with Act No. 44 of 1948.

9. *Streets*

The applicant shall grade, form and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the local authority.

10. *Endowment*

The applicant shall, in terms of section 27 of Ordinance 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 15% on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section 24 of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of the promulgation of the township in the event of the erven having been disposed of prior to such promulgation or as at the date of such disposal in the event of the erven being disposed of after such promulgation and to be determined in the manner set out in the said secton.

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorized thereto by it, shall have the right to inspect and audit the applicant's books at all reasonable times relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period, the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

11. *Land for State and other Purposes.*

The following erven as shown on the General plan, shall be transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant.

(a) For State purposes:
Educational: Erf No. 1018.

(b) For municipal purposes:

(i) General: Erven Nos. 863, 1030 and 1045.

(ii) As Parks: Erven Nos. 1238 to 1245.

(iii) As transformer sites: Erven Nos. 864, 1019 and 1237.

as will more fully appear from the said Notarial Deed, and which Servitude is indicated by the figure lettered ABtp on the annexed diagram.

(2) The former Portion 13 (a portion of Portion 1) of the said farm Waldrift (whereof the property hereby transferred forms a portion) is subject to the following condition imposed by the Controlling Authority in terms of Act No. 21 of 1940 namely:—

No building or any structure whatsoever shall be erected within a distance of 300 Cape Feet from the centre line of the National Road without the written approval of the controlling authority as defined in Act 21 of 1940 read in conjunction with Act No. 44 of 1948.

9. *Strate*

Die applikant moet tot voldoening van die plaaslike bestuur die strate in die dorp skraap, afrond en in stand hou tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd die reg het om na oorlegpleging met die plaaslike bestuur die applikant geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef.

10. *Skenking*

Die applikant moet, ingevolge artikel 27 van Ordonnansie 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 15% van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel 24 van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum van die proklamasie van die dorp indien die erwe voor sodanige proklamasie van die hand gesit is of soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word indien die erwe van die hand gesit word na sodanige afkondiging en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde artikel.

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

11. *Erwe vir Staats- en ander Doeleindes.*

Die volgende erwe soos op die algemene plan aangetoon moet deur en op koste van die applikant aan die bevoegde owerhede oorgedra word:

(a) Vir Staatsdoeleindes:—
Onderwys: Erf No. 1018.

(b) Vir munisipale doeleindes:

(i) Algemeen: Erwe Nos. 863, 1030 en 1045.

(ii) As parke: Erwe Nos. 1238 tot 1245.

(iii) As transformatorterreine: Erwe Nos. 864, 1019 en 1237.

12. *Erection of Fence or other Physical Barrier.*

The applicant shall at its own expense erect a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department, as and when required to do so by him and the applicant shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the applicant's responsibility for the maintenance thereof shall cease when the local authority takes over the responsibility for the maintenance of the streets in the township.

13. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:—

(a) the following servitudes which do not affect the township area:—

(i) Notarial Deed 1195/1938 dated the 7th June, 1938 whereby the right in perpetuity was granted to the Rand Water Board to convey and transmit water along a portion of the said property by means of pipe lines laid and to be laid, together with certain ancillary rights and obligations as will more fully appear from the said Notarial Deed No. 1195/1938.S and as is indicated by the figure lettered up on diagram S.G. No. A.6571/55 annexed to Certificate of Registered Title No. 23309/1956.

(ii) Notarial Deed No. 614/1941.S whereby the right was granted to the Victoria Falls and Transvaal Power Company Limted to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed No. 614/1941.S.

By virtue of Notarial Deed No. 177/1963.S dated the 28th November, 1962 and registered on the 28th February, 1963 the aforesaid Notarial Deed No. 614/1941.S has been varied as will more fully appear from the said Notarial Deed No. 177/1963.S.

(iii) Notarial Deed No. 280/1968.S dated the 18th January, 1968 and registered on the 8th March, 1968 whereby a perpetual right to convey and transmit gas in favour of Die Suid-Afrikaanse Gasdistribusiekorporasie Beperk (No. 64/6005) within a servitude strip 30 Cape Feet wide was granted over the said property by means of a pipeline or pipelines, the centre line whereof is indicated by the letters A B C D on servitude diagram No. A.6927/66 annexed thereto together with ancillary rights, as will more fully appear from reference to the said Notarial Deed.

(b) The following servitude which affects Erven Nos. 1239 to 1243 and streets in the township only:

"Notarial Deed No. 615/1941.S whereby the right was granted to the Electricity Supply Commission to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed No. 615/1941.S".

By virtue of Notarial Deed No. 177/1963.S dated the 28th November, 1962, and registered on the 28th February, 1963, the aforesaid Notarial Deed No. 615/1941.S has been varied as will more fully appear from the said Notarial Deed No. 177/1963.S.

12. *Oprigting van Heining of ander Fisiese Versperring.*

Die applikant moet op die koste 'n heining of ander fisiese versperring tot voldoening van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement oprig, soos en wanneer hy deur hom versoek word om dit te doen, en die applikant moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand onderhou tot tyd en wyl hierdie verantwoordelikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die applikant se verantwoordelikheid vir die instandhouding daarvan verval sodra die plaaslike bestuur die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die strate in die dorp oorneem.

13. *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte, maar uitgesonderd:—

(a) die volgende serwitute wat nie die dorpsgebied raak nie:

(i) Notarial Deed 1195/1938 dated the 7th June, 1938 whereby the right in perpetuity was granted to the Rand Water Board to convey and transmit water along a portion of the said property by means of pipe lines laid and to be laid, together with certain ancillary rights and obligations as wil more fully appear from the said Notarial Deed No. 1195/1938.S and as is indicated by the figure lettered up on diagram S.G. No. A.5571/55 annexed to Certificate of Registered Title No. 23309/1956.

(ii) Notarial Deed No. 614/1941.S whereby the right was granted to the Victory Falls and Transvaal Power Company Limited to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed No. 614/1941.S.

By virtue of Notarial Deed No. 177/1963.S dated the 28th November, 1962 and registered on the 28th February, 1963 the aforesaid Notarial Deed No. 614/1941.S has been varied as will more fully appear from the said Notarial Deed No. 177/1963.S.

(iii) Notarial Deed No. 280/1968.S dated the 18th January, 1968 and registered on the 8th March, 1968 whereby a perpetual right to convey and transmit gas in favour of Die Suid-Afrikaanse Gasdistribusiekorporasie Beperk (No. 64/6005) within a servitude strip 30 Cape Feet wide was granted over the said property by means of a pipeline or pipelines, the centre line whereof is indicated by the letters A B C D on servitude diagram No. A.6927/66 annexed thereto together with ancillary rights, as will more fully appear from reference to the said Notarial Deed.

(b) Die volgende serwituut wat slegs Erwe Nos. 1239 tot 1243 en strate in die dorp raak:

"Notarial Deed No. 615/1941.S whereby the right was granted to the Electricity Supply Commission to convey electricity over the said property together with ancillary rights and subject to conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed No. 615/1941.S".

By virtue of Notarial Deed No. 177/1963.S dated the 28th November, 1962, and registered on the 28th February, 1963, the aforesaid Notarial Deed No. 615/1941.S has been varied as will more fully appear form the said Notarial Deed No. 177/1963.S.

14. *Access*

No ingress to and no egress from the township shall be allowed to the Vereeniging-Alberton Road.

15. *Installation of Protective Devices.*

If at any time in the opinion of the Electricity Supply Commission or in terms of statutory regulation it should be found necessary by reason of the establishment of a township to install any protective devices in respect of the Electricity Supply Commission's overhead power lines and/or underground cables or to carry out any alterations to the said overhead power lines and/or underground cables then the cost of installing such protective devices and/or carrying out such alterations shall be borne by the township owner.

16. *Restriction on Grant and Registration of Leases in terms of section 11 of Act 33 of 1907 (Transvaal)*

In terms of section 11 of Act 33 of 1907, the township owner, his heirs, successors or assigns shall not grant a title to any erf in the township other than a freehold title or a lease for a period not exceeding five years without the right of renewal and no title or such lease as aforesaid shall be capable of being registered in any registration office.

17. *Amendment of Town-planning Scheme.*

The applicant shall at its own expense take the necessary steps to have the relevant town-planning scheme amended immediately after proclamation of the township.

18. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *56bis* of Ordinance 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. *The erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of —

(i) the erven mentioned in Clause A11 hereof;
(ii) such erven as may be acquired by the State; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator has approved the purpose for which such erven are required —

shall be subject to the conditions hereinafter set forth, imposed by the Administrator under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 11 of 1931.

(A) GENERAL CONDITIONS.

(a) The applicant and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *56bis* of Ordinance 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

14. *Toegang.*

Geen ingang na en geen uitgang uit die dorp na die Vereeniging-Albertonpad word toegelaat nie.

15. *Installering van Beveiligingstoestelle.*

Indien dit te eniger tyd na die mening van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie of ingevolge statutêre regulasie nodig mag blyk te wees om, as gevolg van die stigting van die dorp, enige beveiligingstoestelle ten opsigte van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie se bogrondse kraglyne en/of ondergrondse kabels te installeer of om enige verandering aan sodanige bogrondse kraglyne en/of ondergrondse kabels te doen dan moet die koste van sodanige installasie en/of verandering deur die dorpseienaar gedra word.

16. *Beperking op Toestaan en Registrasie van Huurkontrakte kragtens Artikel 11 van Wet 33 van 1907 (Transvaal).*

Kragtens artikel 11 van Wet 33 van 1907, mag die dorpseienaar, sy erfgename, opvolgers of gemagtigdes nie 'n titel tot enige erf in die dorp toestaan nie, uitgesonderd 'n titel tot vry eiendomsreg of 'n huurkontrak vir 'n tydperk wat vyf jaar nie te bowe gaan nie sonder die reg van hernuwing, en geen titel of sodanige huurkontrak soos voornoem mag in enige registrasiekantoor geregistreer word nie.

17. *Wysiging van Dorpsaanlegskema.*

Die applikant moet op eie koste die nodige stappe doen om die betrokke dorpsaanlegskema te laat wysig onmiddellik nadat die dorp geproklameer is.

18. *Nakoming van Voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 *bis* van Ordonnansie 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. *Die Erwe met Sekere Uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd —

(i) die erwe genoem in klousule A11 hiervan;
(ii) sodanige erwe as wat deur die Staat verkry word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het,

is onderworpe aan die voorwaardes hierna uiteengesit, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 11 van 1931:

(A) ALGEMENE VOORWAARDES.

(a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes in artikel *56bis* van Ordonnansie 11 van 1931 genoem, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) Neither the owner or any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(d) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations as published under Administrator's Notice 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.

(e) Except with the written consent of the local authority no wood and/or iron buildings or buildings or unburnt clay brick shall be erected on the erf.

(f) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(g) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(h) Upon the submission to the Registrar of Deeds of a certificate by the local authority to the effect that the township has been included in a Town-planning Scheme, and that the scheme contains conditions corresponding to the title conditions contained herein, such title conditions shall lapse.

(B) SPECIAL PURPOSE ERF.

In addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, Erf No. 1158 shall be subject to the following conditions:—

The erf shall be used solely for the purpose of conducting thereon the business of a motor garage and purposes incidental thereto, as well as a tearoom: Provided that:—

(a) until the erf is connected to a public sewerage system the building shall not exceed two storeys and thereafter not more than three storeys in height;

(b) the upper floor or floors, which shall not occupy more than 40% of the area of the erf, may be used for business purposes;

(c) a screen wall, 2 metres high, shall be erected along the north-westerly and south-westerly boundaries thereof.
The extent, materials, design, position and maintenance thereof shall be to the satisfaction of the local authority;

(d) all parking areas and road surfaces for motor vehicles and entrances to and exits from the erf shall be provided, paved and maintained to the satisfaction of the local authority;

(e) the siting of buildings, ingress to and egress from the erf to the public street system shall be to the satisfaction of the local authority;

(b) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(d) Behalwe met toestemming van die plaaslike bestuur mag geen dier, soos omskryf in die Skutregulasies van die Plaaslike Bestuur, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing 2 van 1929, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(e) Behalwe met die skriftelike toestemming van die Administrateur mag geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene op die erf opgerig word nie.

(f) Behalwe met die skriftelike goedkeuring van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy stel, mag nòg die eienaar nòg die okkupeerder van die erf enige putte daarop grawe of boorgate daarop boor of enige ondergrondse water daaruit haal.

(g) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige stormwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging vanwaar die stormwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n proporsionele deel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(h) By die indiening van 'n sertifikaat by die Registrateur van Aktes deur die plaaslike bestuur te dien effekte dat die dorp in 'n goedgekeurde skema opgeneem is en dat die skema voorwaardes bevat wat in ooreenstemming is met die titelvoorwaardes hierin vervat, verval sodanige titelvoorwaardes.

(B) ERF VIR SPESIALE DOELEINDES.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erf No. 1158 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

Die erf moet uitsluitlik gebruik word vir die doel om daarop die besigheid van 'n garage te dryf en vir doeleindes in verband daarmee sowel as 'n teekamer: Met dien verstande dat:—

(a) die geboue nie meer as twee verdiepings hoog mag wees nie totdat die erf met 'n openbare rioolstelsel verbind is, en daarna nie meer as drie verdiepings nie;

(b) die boonste vloer of vloere, wat nie meer as 40% van die oppervlakte van die erf mag beslaan nie, vir besigheidsdoeleindes gebruik mag word;

(c) 'n skermmuur, twee meter hoog, langs die noordwestelike en suidwestelike grense van die erf opgerig word: Die omvang, materiaal, ontwerp, posisie en instandhouding daarvan moet tot voldoening van die plaaslike bestuur wees;

(d) alle parkeerterreine en ryvlakke vir motorvoertuie asook alle ingange tot en uitgange uit die erf tot voldoening van die plaaslike bestuur verskaf, geplavei en in stand gehou word;

(e) die plasing van geboue, ingang tot en uitgange uit die erf na die openbare straatstelsel tot voldoening van die plaaslike bestuur geskied;

(f) no material of any kind whatsoever shall be stored or stacked to a height higher than the screen wall;
(g) the erf shall be fenced and maintained to the satisfaction of the local authority;
(h) no repairs shall be done to vehicles or equipment of any nature outside the garage building or the screen wall;
(i) no vehicles shall be parked or materials of any kind stored or stacked outside the garage building or the screen wall; and
(j) no buildings shall be erected within 7 metres from the south-easterly boundary and not less than 3 metres from any other boundary thereof:

Provided further that, in the event of the erf not being used for the aforesaid purpose, it may be used for such other purposes as may be determined and subject to such requirements as may be imposed by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.

(C) SPECIAL BUSINESS ERF.

In addition to the conditions set out in subclause (A) hereof, Erf No. 1159 shall be subject to the following conditions:—

(a) The erf shall be used for trade or business purposes only: Provided that it shall not be used for a warehouse, or a place of amusement or assembly, garage, industrial premises or an hotel: Provided further that:
  (i) the height of the building shall be restricted to two storeys;
  (ii) the erf shall not be used for residential purposes;
  (iii) effective and free paved parking shall be provided on the erf to the satisfaction of the local authority in the ratio of 2 square metres of parking for every one square metre of retail shopping area and 20 square metres of parking for every 125 square metres of office floor space;
  (iv) provision shall be made on the erf for the loading and off-loading of vehicles to the satisfaction of the local authority;
  (v) the siting of buildings, ingress to and egress from the erf to a pubic street system shall be to the satisfaction of the local authority.
(b) Subject to the provisions of any law, by-law or regulation and subclause (a) hereof there shall be no limitation to the number of shops or businesses that may be established or conducted on the erf: Provided that no business of a Bantu Eating House of any description shall be conducted on the erf.
(c) No offensive trade as specified either in section 95 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, or in a Town-planning Scheme in operation in the area may be carried on upon the erf.
(d) The business premises shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
(e) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 7 metres from any boundary thereof abutting on a street.

(D) SPECIAL RESIDENTIAL ERVEN

The erven, with the exception of those referred to in sub-clauses (B) and (C) shall, in addition to the conditions set out in sub-clause (A) hereof, be subject to the following conditions:

(f) geen materiaal van enige aard hoegenaamd hoër as die hoogte van die skermmuur geberg of gestapel mag word nie;
(g) die erf omhein en onderhou word tot voldoening van die plaaslike bestuur;
(h) geen herstelwerk aan voertuie of toerusting van enige aard buite die garagegebou of skermmuur verrig mag word nie;
(i) geen voertuig geparkeer of materiaal van enige aard buite die garagegebou of skermmuur geberg of gestapel mag word nie; en
(j) geen geboue nader as 7 meter van die suidoostelike grens en nie minder as 3 meter vanaf enige ander grens daarvan opgerig mag word nie:

Met dien verstande dat ingeval die erf nie vir voornoemde doel gebruik word nie, dit vir sodanige ander doeleindes gebruik kan word as wat bepaal word en onderworpe aan sodanige vereistes as wat die Administrateur, na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur oplê.

(C) SPESIALE BESIGHEIDSERF.

Benewens die voorwaardes uiteengesit in subklousule (A) hiervan, is Erf No. 1159 aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(a) Die erf moet slegs gebruik word vir handels- of besigheidsdoeleindes: Met dien verstande dat, die erf nie gebruik mag word vir die doeleindes van 'n pakhuis, of vermaaklikheids- of vergaderplek, motorhawe, industriële perseel of hotel nie: Met dien verstande dat:
  (i) die hoogte van die gebou tot twee verdiepings beperk word;
  (ii) die erf nie vir woondoeleindes gebruik mag word nie;
  (iii) doeltreffende en gratis geplaveide parkering tot voldoening van die plaaslike bestuur op die erf verskaf word in die verhouding van twee vierkante meter parkering vir elke vierkante meter kleinhandeloppervlakte en 20 vierkante meter parkering vir elke 125 vierkante meter kantoorvloerruimte;
  (iv) voorsiening op die erf gemaak word vir die op- en aflaai van voertuie tot voldoening van die plaaslike bestuur;
  (v) die plasing van geboue, en in- en uitgange tot en uit 'n openbare straatstelsel tot bevrediging van die plaaslike bestuur moet wees;
(b) Behoudens die bepalings van enige wet, verordening of regulasie en sub-klousule (a) hiervan, is daar geen beperking wat betref die aantal winkels of besighede wat op die erf opgerig of gedryf mag word nie: Met dien verstande dat geen besigheid van 'n Bantoeethuis van watter aard ook al op die erf gedryf mag word nie.
(c) Geen hinderlike bedryf soos omskryf of in artikel 95 van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 17 van 1939 of in 'n dorpsaanlegskema wat op die gebied van toepassing is nie, mag op die erf gedryf word nie.
(d) Die besigheidsgeboue moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.
(e) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word moet minstens 7 meter van enige straatgrens daarvan geleë wees.

(D) SPESIALE WOONERWE.

Die erwe, met die uitsondering van dié in sub-klousules (B) en (C) genoem, is benewens die voorwaardes in subklousule (A) hiervan uiteengesit, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) The erf shall be used for the erection of a dwelling house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf.

(b) Not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf, this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(c) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(d) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 7 metres from the boundary thereof abutting on a street.

(e) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. *Servitude for Sewerage and other Municipal Purposes.*

In addition to the conditions set out above, the erven shall be subject to the following conditions:—

(a) The erf is subject to a servitude, two metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(4) Subject to the provisions of the regulations referred to in subregulation (1), the Director, if draft rules are not submitted to him in terms of subregulation (2) or if he does not approve such rules, may frame or cause to be framed draft rules for the internal management of and discipline in a hostel, and such rules shall not be altered or departed from without the prior sanction of the Director.

Hostel Equipment.

11.(1) Hostel equipment may be supplied to a hostel by the Department in such manner as may be determined by the Director.

(2) Hostel equipment supplied by the Department or purchased from hostel funds or received as a donation shall be and shall remain the property of the Administration both before and after the disestabishment of the hostel in question.

(3) The senior housemaster or senior housemistress shall —

(a) be responsible for the proper care and maintenance of hostel equipment;

(b) ensure that —

(i) where possible, hostel equipment is marked with the identification mark T.O.D. or T.E.D. without defacing or damaging the equipment concerned;

(a) indien, in die geval van 'n leerling wie se ouer binne die voedingsgebied van die skool waarby die betrokke koshuis behoort, woon en die betrokke koshuis die naaste per spoor of openbare pad aan die woonplek van sodanige ouer is —

(i) die losiesgelde vooruit betaal word; of

(ii) daar 'n skriftelike ooreenkoms ingevolge subregulasie (1) aangegaan is; of

(b) indien in die geval van 'n leerling wie se ouer nie binne die voedingsgebied van die skool waarby die betrokke koshuis behoort, woon nie —

(i) akkommodasie beskikbaar is; en

(ii) die losiesgelde vooruitbetaal word.

(3) Die senior huisvader of senior huismoeder versoek die ouer van 'n leerling wat tot 'n koshuis toegelaat wil word, om 'n vorm van toelating deur die Direkteur goedgekeur, te voltooi en te onderteken.

Tug

10.(1) Die regulasies opgestel ingevolge artikel 121(1) van die Ordonnansie, betreffende die skorsing en uitsluiting van, en die toediening van liggaamstraf aan leerlinge in skole, afgekondig by Administrateurskennisgewing 99 van 9 Februarie 1955, is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n koshuis.

(2) Benewens die bepalings van die regulasies waarna in subregulasie (1) verwys word maar onderworpe daaraan, waar sodanige regulasies van toepassing is, lê die hoof, na raadpleging met die senior huisvader of senior huismoeder en die koshuiskomitee, ontwerpreëls vir die huishoudelike bestuur van en tug in die koshuis aan die Direkteur ter goedkeuring voor.

(3) Onderworpe aan die bepalings van die regulasies waarna in subregulasie (1) verwys word, kan die Direkteur met of sonder wysiging, die by subregulasie (2) aan hom voorgelegde ontwerpreëls goedkeur, en sodanige reëls mag nie daarna gewysig word of daarvan afgewyk word sonder die voorafverkreë toestemming van die Direkteur nie.

(4) Onderworpe aan die bepalings van die regulasies waarna in subregulasie (1) verwys word, kan die Direkteur, indien ontwerpreëls nie ingevolge subregulasie (2) aan hom voorgelê word, of indien hy nie sodanige reëls goedkeur nie, ontwerpreëls vir die huishoudelike bestuur van en tug in 'n koshuis opstel of laat opstel, en sodanige reëls mag nie daarna gewysig word, of daarvan afgewyk word sonder die voorafverkreë toestemming van die Direkteur nie.

Koshuisuitrusting

11.(1) Koshuisuitrusting kan aan 'n koshuis deur die Departement verskaf word op 'n wyse soos deur die Direkteur bepaal.

(2) Koshuisuitrusting deur die Departement verskaf of uit koshuisfondse aangeskaf of as 'n geskenk ontvang, is en bly die eiendom van die Administrasie sowel voor as na die opheffing van die betrokke koshuis.

(3) Die senior huisvader of senior huismoeder —

(a) is verantwoordelik vir die behoorlike versorging en bewaring van die koshuisuitrusting;

(b) moet toesien dat —

(i) waar moontlik, koshuisuitrusting met die identifikasiemerk T.O.D. of T.E.D. gemerk word sonder dat die betrokke uitrusting ontsier of beskadig word;

(ii) before any hostel equipment is disposed of the identification mark is cancelled as follows:

T.O.D. / T.O.D. or T.E.D. / T.E.D.

(4) The senior housemaster or senior housemistress shall maintain inventories of all hostel equipment, transferred or otherwise disposed of.

(5) Unless the Director otherwise orders, the senior housemaster or senior housemistress shall, on assumption of duty, together with any other person designated by the Director, take stock of the hostel equipment and shall immediatey report in writing any deficiencies or discrepancies to the Director.

The Rejection and disposal of Equipment.

12.(1) The rejection and disposal of hostel equipment shall be done in the manner as determined by the Director from time to time.

(2) Full details of any amount realized out of the disposal of hostel equipment shall forthwith be furnished to the Director and such amount shall be paid into the Provincial Revenue Fund.

(3) All replacements of hostel equipment shall be effected in the manner as determined by the Director.

Farming Activities.

13.(1) The Director may determine the extent to which farming activities may be undertaken at a hostel: Provided that the Director may direct that farming activities shall be discontinued.

(2) With the approval of the Director the principal may at a hostel —

(a) undertake farming activities aimed mainly at the provision of food for the residents of the hostel concerned including the keeping of livestock as slaughter-animals and dairy-animals;

(b) in the undertaking of any such farming activity, keep livestock as draught-animals, or for any other purpose in connection with such farming activity; and

(c) undertake such other farming activities which are aimed mainly at the provision of feed for any livestock kept in terms of paragraph (a) or (b).

(3) The Director shall determine the maximum number of each kind of livestock which may be kept for any purpose in terms of subregulation (2)(a) and (b).

(4)(a) Subject to the approval of the Director, the principal may purchase out of hostel funds such farming equipment as may be necessary to undertake any farming activities as contemplated in subregulation (2).

(b) Subject to the provisions of subregulation (2), the principal may in the interest of the hostel purchase, sell of exchange livestock: Provided that —

(i) in any one calendar quarter the prior consent of the Director shall have been obtained in respect of any transaction entered into after the principal has in the same quarter entered into transactions involving a total amount of R100 or more;

(ii) the principal shall under no circumstances enter into any transcation for speculative purposes; and

(iii) the principal shall not without having obtained the prior consent of the Director, purchase or undertake to purchase livestock, if there are not sufficient funds available in the maintenance account for such transaction.

(ii) voordat enige koshuisuitrusting van die hand gesit word, die identifikasiemerk soos volg gekanselleer word:

T.E.D. / T.E.D. of T.O.D. / T.O.D.

(4) Die senior huisvader of senior huismoeder hou inventarisse van koshuisuitrusting wat ontvang, oorgedra of andersins van die hand gesit word.

(5) Tensy die Direkteur anders beveel, neem die senior huisvader of senior huismoeder wanneer hy of sy diens aanvaar, saam met enige ander persoon deur die Direkteur aangewys, voorraad op van alle koshuisuitrusting en rapporteer onverwyld enige tekorte of teenstrydighede skriftelik aan die Direkteur.

Die afkeuring en van die hand sit van koshuisuitrusting

12.(1) Die afkeuring en van die hand sit van koshuisuitrusting word gedoen op die wyse wat deur die Direkteur van tyd tot tyd bepaal word.

(2) Volle besonderhede van enige bedrag verkry uit die van die hand sit van koshuisuitrusting word onverwyld aan die Direkteur verstrek, en sodanige bedrag moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

(3) Alle vervanging van koshuisuitrusting geskied op die wyse soos deur die Direkteur bepaal.

Boerderybedrywighede

13.(1) Die Direkteur kan bepaal in watter mate boerderybedrywighede by 'n koshuis onderneem kan word: Met dien verstande dat die Direkteur kan beveel dat boerderybedrywighede gestaak word.

(2) Met die goedkeuring van die Direkteur kan die hoof by 'n koshuis—

(a) boerderybedrywighede uitoefen wat hoofsaaklik daarop gemik is om voedsel aan die inwoners van die betrokke koshuis te verskaf, insluitende die aanhou van lewende hawe as slagvee of melkdiere;

(b) in die uitoefening van enige sodanige boerderybedrywigheid, lewende hawe aanhou as trekdiere of vir enige ander doeleinde in verband met sodanige boerderybedrywigheid; en

(c) sodanige ander boerderybedrywigheid uitoefen wat hoofsaaklik daarop gemik is om voer te verskaf aan enige lewende hawe ingevolge paragraaf (a) of (b) aangehou.

(3) Die Direkteur bepaal die maksimum getal lewende hawe van elke soort wat vir enige doeleinde ingevolge subregulasie (2)(a) en (b) aangehou word.

(4)(a) Onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, kan die hoof uit koshuisfondse sodanige boerderyuitrusting koop as wat noodsaaklik mag wees om die by subregulasie (2) beoogde boerderybedrywighede uit te oefen.

(b) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), kan die hoof in belang van die koshuis, lewende hawe koop, verkoop of ruil: Met dien verstande dat —

(i) in enige kalenderkwartaal die toestemming van die Direkteur vooraf verkry is ten opsigte van elke transaksie wat aangegaan word nadat die hoof in dieselfde kwartaal transaksies aangegaan het waarvan die totale bedrag R100 of meer beloop;

(ii) die hoof onder geen omstandighede 'n transaksie vir spekulasiedoeleindes mag aangaan nie; en

(iii) die hoof nie, sonder die voorafverkreë toestemming van die Direkteur, enige lewende hawe koop of onderneem om dit te koop nie as daar nie in die onderhoudsrekening fondse vir sodanige transaksie beskikbaar is nie.

(c) The Director may authorize the loan of funds from the Provincial Revenue Fund for the purchase of farming equipment and livestock and the Director shall determine the conditions on which and the period within which such loan shall be repaid from hostel funds to the said Fund.

(5)(a) Surplus products shall be disposed of in the manner approved by the Director and the proceeds thereof shall be paid into the hostel funds.

(b) Subject to the provisions of paragraph (d), any income derived from farming activities shall be paid into hostel funds.

(c) Subject to the approval of the Director, the principal may, in the manner determined by the Director, sell or otherwise dispose of obsolete, unserviceable or redundant farming requisites or livestock.

(d) Full particulars of any amount realized in terms of paragraph (c), shall forthwith be furnished by the principal to the Director and the Director shall decide whether the said amount or any portion thereof as determined by him shall be paid into the hostel funds or the Provincial Revenue Fund.

(6) The Director may authorise the supply of farming equipment and livestock which he considers essential to a hostel as initial equipment.

(7) Both before and after the establishment of a hostel, all farming equipment and livestock obtained in terms of subregulation (4) or (6), shall be and shall remain the property of the Administration.

(8) All income and expenditure in connection with the farming activities of a hostel shall be accounted for and recorded in the relative books of account of the hostel and all transactions in relation thereto shall be similarly accounted for and recorded.

(9) The provisions of regulation 11(3), (4) and (5) shall apply *mutatis mutandis* to the farming equipment or livestock of a hostel.

Lost or Stolen Goods.

14. On the recommendation of the hostel committee and subject to the approval of the Director, the senior housemaster or senior housemistress may write off charge any livestock that has been lost or stolen or has died and the senior housemaster or senior housemistress shall report every case of loss which in his or her opinion has occurred in circumstances amounting to a criminal offence to the South African Police and shall submit the relevant police report, or copy thereof, if obtainable, to the Director.

Infectious or Contagious Diseases.

15. Any case of infectious or contagious disease shall be reported forthwith by the senior housemaster or senior housemistress to the local medical officer of health or in the absence of any such officer, to the local authority in whose district the hostel is situated, in terms of regulation 2 of Government Notice 1905 of the 16th November, 1962, as amended, and published in terms of sections 36 and 69 of the Public Health Act, 1919 (Act 36 of 1919).

Hostel Adviser.

16. The Director may appoint any person as a hostel adviser, whose duties shall be —

(a) to ensure that the policy in regard to hostels generally is and remains sound, and where the finances are unsound to recommend such action as will place the finances on a sound basis;

(c) Die Direkteur kan magtiging verleen dat geld uit die Provinsiale Inkomste fonds geleen word om boerderyuitrusting en lewende hawe te koop en die Direkteur bepaal die voorwaardes waarop die tydperk waarbinne sodanige lening uit koshuisfondse in die genoemde fonds teruggestort moet word.

(5)(a) Surplus produkte word van die hand gesit op 'n wyse deur die Direkteur goedgekeur en die opbrengs daarvan word in die koshuisfonds gestort.

(b) Behoudens die bepalings van paragraaf (d), word enige inkomste wat uit boerderybedrywighede van 'n koshuis voortspruit in koshuisfondse gestort.

(c) Onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, kan die hoof op 'n wyse deur die Direkteur bepaal, verouderde, onbruikbare of oortollige boerdery-uitrusting of lewende hawe verkoop of andersins van die hand sit.

(d) Volle besonderhede van enige bedrag wat ingevolge paragraaf (c) verkry word, word onverwyld deur die hoof aan die Direkteur verstrek wat besluit of genoemde bedrag, of sodanige gedeelte daarvan as wat hy bepaal, in die koshuisfondse of die Provinsiale Inkomstefonds gestort moet word.

(6) Die Direkteur kan magtiging verleen dat boerderyuitrusting en lewende hawe wat hy noodsaaklik ag, as eerste uitrusting aan 'n koshuis verskaf word.

(7) Voor sowel as na opheffing van 'n koshuis is en bly alle boerdery-uitrusting en lewende hawe, ingevolge subregulasie (4) of (6) verkry, die eiendom van die Administrasie.

(8) Alle inkomste en uitgawes wat in verband staan met die boerderybedrywighede van 'n koshuis, word verantwoord en in die betrokke rekeningboeke van die koshuis aangeteken, en alle transaksies wat in verband daarmee staan, word insgelyks verantwoord en aangeteken.

(9) Die bepalings van regulasie 11(3), (4) en (5) is *mutatis mutandis* van toepassing op die boerdery-uitrusting en lewende hawe van 'n koshuis.

Verlore of gestole goedere

14. Die senior huisvader of senior huismoeder kan, op aanbeveling van die koshuiskomitee en onderworpe aan die goedkeuring van die Direkteur, enige dier wat verlore geraak het of wat gesteel of dood is, afskryf en die senior huisvader of senior huismoeder moet elke geval van verlies wat na sy of haar mening ontstaan het as gevolg van omstandighede wat 'n strafregtelike oortreding uitmaak aan die Suid-Afrikaanse Polisie rapporteer en die betrokke polisierapport of 'n afskrif daarvan, indien verkrygbaar, aan die Direkteur voorlê.

Besmetlike of aansteeklike siektes

15. Enige geval van besmetlike of aansteeklike siekte word onverwyld deur die senior huisvader of senior huismoeder, ingevolge regulasie 2 van Goewermentskennisgewing 1905 van 16 November 1962 en afgekondig ingevolge die bepalings van artikels 36 en 69 van die Volksgezondheidswet, 1919 (Wet 36 van 1919) aan die plaaslike geneeskundige Gesondheidsbeampte, of in die afwesigheid van enige sodanige beampte, aan die plaaslike owerheid in wie se distrik die koshuis geleë is, gerapporteer.

Koshuisadviseur

16. Die Direkteur kan enige persoon as 'n koshuisadviseur benoem, wie se pligte is —

(a) om toe te sien dat die beleid ten opsigte van koshuise in die algemeen gesond is en dat dit gesond bly, en waar die finansies ongesond is om sodanige optrede aan te beveel as wat die finansies op 'n gesonde grondslag sal plaas;

(b) to enlighten principals and senior housemasters or senior housemistresses in regard to the correct policy, to give advice where it is necessary, to suggest plans for improvement where possible and generally to ensure that hostels are a success;
(c) to inspect and report on the hostel administration and the management of hostel finances; and
(d) generally to carry out the instructions of the Director in regard to hostels.

Inspection of Hostel.

17. A hostel shall be open for inspection at any reasonable time by an inspector of education, the hostel adviser or any officer duly authorized thereto by the Director.

Forms, Books and Registers to be kept at a Hostel.

18.(1) The Director shall from time to time prescribe the books of account, registers, cheque forms, receipt forms and order forms to be used at a hostel.

(2) Numbered forms shall be used in numerical sequence.

(3) The senior housemaster or senior housemistress —

(a) shall enter the books, registers and forms referred to in subregulation (1) which are not in current use (hereinafter referred to as the reserve stocks) in a register (hereinafter referred to as the register of reserve stocks) and shall keep such reserve stocks and register of reserve stocks in safe custody; and

(b) shall issue from such reserve stocks such books, registers and forms as may be required from time to time for current use and shall cause the person to whom they are issued to sign therefor in the register of reserve stocks.

CHAPTER II.

FINANCE.

Hostel Fund.

19.(1) Except where otherwise provided by these regulations, all moneys received by a hostel shall be paid into the hostel fund of the hostel concerned.

(2) The Director may authorise the loan of funds out of the Provincial Revenue Fund, where it appears that the hostel funds are not sufficient to meet expenditure and the Director shall prescribe the terms on which and the period within which such loan shall be repaid from the hostel funds to the Provincial Revenue Fund.

(3) Moneys in the hostel fund of a hostel shall be used only —

(a) for the purchase of consumable articles necessary for the maintenance of the hostel;

(b) for the payment of accounts for services rendered in connection with the hostel;

(c) subject to the provisions of regulation 13 and 14 for the purchase of farming equipment and livestock and any expenses necessary for the conducting of farming activities as contemplated in regulation 13(2).

(d) for any other expenditure relating to the hostel and approved in writing by the Director: Provided that such approval may be granted by the Director verbally in a case which in his opinion is urgent, pending

(b) om hoofde en senior huisvaders of senior huismoeders ten opsigte van die regte beleid in te lig, om raad te gee waar dit noodsaaklik is, om planne vir verbetering waar moontlik aan die hand te doen en in die algemeen om te verseker dat koshuise 'n sukses is;
(c) om die koshuisadministrasie en die bestuur van koshuisfinansies te inspekteer en verslag daaroor te doen; en
(d) in die algemeen om die opdragte van die Direkteur oor koshuise uit te voer.

Inspeksie van koshuis

17. 'n Koshuis kan op alle redelike tye geïnspekteer word deur 'n inspekteur van onderwys, die koshuisadviseur of enige amptenaar wat behoorlik deur die Direkteur daartoe gemagtig word.

Vorms, boeke en registers wat by 'n koshuis gebruik moet word

18.(1) Die Direkteur skryf van tyd tot tyd die rekeningboeke, registers, tjekvorms, kredietbewysvorms, kwitansievorms en bestelvorms voor wat by 'n koshuis gebruik moet word.

(2) Vorms wat genommer is moet volgens numerieke volgorde gebruik word.

(3) Die senior huisvader of senior huismoeder —

(a) moet die boeke, registers en vorms in subregulasie (1) genoem wat nie in lopende gebruik is nie (hierna die reserwevoorrade genoem) aanteken in 'n register (hierna die register van reserwevoorrade genoem) en moet sodanige reserwevoorrade en register van reserwevoorrade in veilige bewaring hou; en
(b) reik uit sodanige reserwevoorrade sodanige boeke, registers en vorms uit wat van tyd tot tyd vir lopende gebruik benodig word en laat die persoon aan wie dit uitgereik word daarvoor teken in die register van reserwevoorrade.

HOOFSTUK II

FINANSIES

Koshuisfonds

19.(1) Behalwe waar hierdie regulasies anders bepaal, word alle gelde wat deur 'n koshuis ontvang word in die koshuisfonds van die betrokke koshuis gestort.

(2) Die Direkteur kan magtiging verleen tot die betaling van 'n lening uit die Provinsiale Inkomstefonds waar dit blyk dat die koshuisfondse ontoereikend is om die uitgawe te bestry, en die Direkteur bepaal die voorwaardes waarop en die tydperk waarbinne sodanige lening uit die koshuisfondse in die Provinsiale Inkomstefonds teruggestort moet word.

(3) Gelde in die koshuisfonds van 'n koshuis word slegs aangewend —

(a) vir die aankoop van verbruiksartikels wat vir die onderhoud van die koshuis noodsaaklik is;
(b) ter betaling van rekenings vir dienste in verband met die koshuis gelewer;
(c) behoudens die bepalings van regulasie 13 en 14, vir die aankoop van boerderyuitrusting en lewende hawe en enige uitgawe wat noodsaaklik is om die by regulasie 13(2) beoogde boerderybedrywighede uit te voer;
(d) vir enige ander uitgawe wat in verband met 'n koshuis staan en wat skriftelik deur die Direkteur goedgekeur is: Met dien verstande dat sodanige goedkeuring mondelings deur die Direkteur verleen kan word in 'n geval wat na sy mening dringend is, in afwagting van 'n formele skriftelike aansoek

a formal written application through the regular channels for the necessary written approval.

(4) After provision has been made at the beginning of every financial year in the maintenance account for an amount equal to one quarter of the hostel's total income derived from board and lodging fees, for the previous financial year, plus such amount as may be immediately required for any of the purposes referred to in regulation 19(3)(c) or (d) —

(a) an amount of the remaining moneys which, in the opinion of the Director, is required for any of the purposes referred to in regulation 19(3)(c) or (d), but is not immediately so required, shall be invested with the Public Debt Commissioners on behalf of the hostel concerned:; and

(b) the balance thereafter available shall be transferred to the Provincial Revenue Fund.

(5) Interest on any moneys invested in terms of subregulation (4) and any such moneys which are withdrawn from such investment, on the authority of the Director, may be used only for such purposes as are set out in regulation 19(3).

Hostel Accounts.

20.(1) Subject to the provisions of subregulations (2), (3) and (4), the senior housemaster or senior housemistress, under the general supervision of the principal, shall be responsible for the control of all matters relating to hostel accounts as well as for —

(a) the keeping up to date of the necessary books and registers;

(b) the safe custody of the books, registers and forms which are in current use, moneys and credit vouchers; and

(c) the regularity of payments made.

(2) The principal may assign in writing certain accounting duties to an officer and shall clearly set out in such assignment the nature of such accounting duties.

(3) The senior housemaster or senior housemistress may entrust for safe custody to an officer all books, registers and forms which are in current use, moneys on hand and credit vouchers and for this purpose the senior housemaster or senior housemistress shall deliver to such officer the keys of the safe or strong-room in which such books registers, forms, moneys and credit vouchers are kept.

(4) The assignment of any duties in terms of subregulation (2) or the entrusting of anything in terms of subregulation (3), shall not relieve the senior housemaster or senior housemistress of any responsibility referred to in subregulation (1).

(5) The senior housemaster or senior housemistress shall check the books of account and registers at least once a month and shall satisfy himself or herself that all monies received have been accounted for and any discrepancies shall immediately be reported in writing to the Director.

(6)(a) When for any reason the handing over of the books of account of a hostel to a successor is necessitated, the senior housemaster or housemistress shall, unless the Director directs otherwise, cause such books to be balanced off and stock to be taken of the books, registers and forms in current use and the reserve stocks (hereinafter in this regulation referred to as the stocks), and he or she shall —

(i) issue a certificate that the balance, as reflected in the cash book (hereinafter in this regulation referred to as the cash book balance), agrees with the bank balance and cash on hand, if any, and that the stocks are in order; or

langs die gebruiklike weë om die nodige skriftelike goedkeuring.

(4) Nadat aan die begin van elke boekjaar in die onderhoudsrekening voorsiening gemaak is vir 'n bedrag gelyk aan 'n kwart van die koshuis se totale inkomste uit losies vir die vorige finansiële jaar, plus sodanige bedrag as wat onmiddellik vir enige van die doeleindes in regulasie 19(3) (c) of (d) genoem, benodig word —

(a) word 'n bedrag van die oorblywende gelde wat, na die mening van die Direkteur benodig word vir enige van die doeleindes in regulasie 19(3) (c) of (d) genoem, maar wat nie onmiddellik aldus benodig word nie, ten behoewe van die betrokke koshuis by die Staatskuldkommissarisse belê;

(b) die balans wat daarna beskikbaar is, na die Provinsiale Inkomstefonds oorgeplaas.

(5) Rente op gelde ingevolge subregulasie (4) belê en enige sodanige gelde wat van sodanige belegging, op magtiging van die Direkteur onttrek word, kan slegs vir sodanige doeleindes as wat in regulasie 19(3) uiteengesit word, gebruik word.

Koshuisrekeninge

20.(1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2), (3) en (4), is die senior huisvader of senior huismoeder, onder die algemene toesig van die hoof, verantwoordelik vir die beheer oor alle sake betreffende koshuisrekeninge asook vir —

(a) die byhou van die nodige boeke en registers;

(b) die veilige bewaring van die boeke, registers en vorms wat in lopende gebruik is, gelde en kredietbewyse; en

(c) die reëlmatigheid van betalings wat gedoen word.

(2) Die hoof kan sekere rekeningkundige pligte skriftelik aan 'n amptenaar toewys en moet die aard van sodanige pligte duidelik in sodanige toewysing uiteensit.

(3) Die senior huisvader of senior huismoeder kan alle boeke, registers en vorms wat in lopende gebruik is, gelde voorhande en kredietbewyse vir veilige bewaring toevertrou aan 'n amptenaar en vir hierdie doel oorhandig die senior huisvader of senior huismoeder aan sodanige amptenaar die sleutels van die brandkas of kluis waarin sodanige boeke, registers, vorms, geld en kredietbewyse gehou word.

(4) *Die toewysing van enige pligte ingevolge subregulasie* (2) of die toevertrou van enigiets ingevolge subregulasie (3), onthef nie die senior huisvader of senior huismoeder van enige verantwoordelikheid in subregulasie (1) genoem nie.

(5) Die senior huisvader of senior huismoeder gaan die rekeningboeke en registers minstens een keer per maand na en vergewis hom of haar dat alle gelde wat ontvang is, verantwoord is en moet enige verskille onverwyld skriftelik aan die Direkteur rapporteer.

(6)(a) Waar om enige rede die oorhandiging van die rekeningboeke van 'n koshuis aan 'n opvolger genoodsaak word, laat die senior huisvader of senior huismoeder, tensy die Direkteur anders gelas, sodanige boeke afsluit en 'n opname maak van die boeke, registers en vorms wat in lopende gebruik is en die reserwevoorrade (hierna in hierdie regulasie die voorrade genoem) en moet hy of sy —

(i) 'n sertifikaat verstrek dat die saldo, soos in die kasboek aangetoon (hierna in hierdie regulasie die kasboeksaldo genoem), ooreenstem met die bankbalans en gelde voorhande, as daar is en dat die voorrade in orde is; of

(ii) issue a certificate wherein any deficiency or surplus in the cash book balance or stocks is shown.

(b) (i) The said successor shall sign the appropriate certificate referred to in paragraph (a) and, in the case of a certificate referred to in paragraph (a)(ii), he shall also inform the Director in writing of any such deficiency or surplus.

(ii) Any loss, deficiency or surplus which occurs in the stocks or any cash at any time, shall be reported in writing by the principal to the Director.

Banking.

21.(1) A joint banking account shall be opened at the nearest or most convenient banking centre in respect of all the hostels accessory to a school, and the names of the persons authorised to sign cheques shall be furnished to the bank through the Department.

(2) All moneys received by or on behalf of a hostel shall as soon as possible be deposited to the credit of the banking account of such hostel without abatement and all moneys shall be banked at the end of each month.

(3) Bank deposit slips shall be completed in detail and copies thereof be retained for audit purposes.

(4) The senior housemaster or senior housemistress shall make arrangements to obtain a bank statement at the end of each month and the bank and cash book balances shall be reconciled at the end of each month.

(5) Bank statements shall be retained for audit purposes.

(6) No private money, other than trust funds, shall be paid into a hostel banking account or kept in any official safe.

(7) Banking accounts may under no circumstances be overdrawn and the persons making the disbursements will be held personally responsible for any interest payable on overdrawn accounts.

Surplus Cash.

22. Any officer who, on balancing his cash, finds that there is a surplus, shall take it on charge as surplus cash and where any deficiency in cash is discovered, the amount shall be made good forthwith by the officer responsible for the custody and accounting thereof, and a suitable reference shall be made in the cash book.

Income.

23.(1) Receipts on the prescribed receipt form shall immediately be issued in respect of all moneys received and duplicate carbon copies thereof retained for audit purposes and the date of issue shall be endorsed on both the original and the counterfoil of the receipt by means of the official date stamp, and the receipt shall be signed by the person who issues the receipt.

(2)(a) No erasures shall be made on any receipt form, cheque or book of account or register.

(b) In case of receipts or cheques, where the error affects the name of the payer or payee respectively, or the amount, the receipt form or cheque form shall be cancelled and a fresh one issued.

(c) In all other cases, the incorrect entry shall be ruled out and the correct entry inserted above and signed.

(d) The original and duplicate copies of all cancelled receipt forms, cancelled cheques and counterfoils shall be retained in the relative receipt or cheque books for audit purposes.

(ii) 'n sertifikaat verstrek waarin enige tekort of surplus in die kasboeksaldo of die voorrade aangetoon word.

(b) (i) Genoemde opvolger moet die toepaslike sertifikaat in paragraaf (a) genoem, onderteken en, in die geval van 'n sertifikaat in paragraaf (a) (ii) genoem, moet hy ook die Direkteur skriftelik in kennis stel van enige tekort of surplus.

(ii) Enige verlies, tekort of surplus wat te enige ander tyd in die voorrade of enige kontant ontstaan, moet skriftelik deur die hoof aan die Direkteur gerapporteer word.

Bank

21.(1) 'n Gesamentlike bankrekening ten opsigte van al die koshuise behorende by 'n skool word by die naaste of gerieflikste banksentrum geopen en die name van die persone gemagtig om tjeks te onderteken word deur bemiddeling van die Departement aan die bank verstrek.

(2) Alle gelde deur of namens 'n koshuis ontvang, word sodra moontlik op krediet van die bankrekening van so 'n koshuis sonder vermindering ingelê, en alle gelde word aan die end van elke maand gebank.

(3) Bankinlegstrokies moet volledig voltooi word en afskrifte daarvan vir ouditdoeleindes behou word.

(4) Die senior huisvader of senior huismoeder moet reëlings tref om 'n bankstaat aan die end van elke maand te verkry en die bank- en kasboeksaldo word aan die end van elke maand in ooreenstemming gebring.

(5) Bankstate word vir ouditdoeleindes behou.

(6) Geen private geld, uitgesonderd trustfondse, word in 'n koshuisbankrekening gestort of in 'n amptelike brandkas gehou nie.

(7) Bankrekenings mag onder geen omstandighede oortrek word nie, en die persone wat die uitbetalings diën, word persoonlik aanspreeklik gehou vir enige rente op oortrokke rekenings betaalbaar.

Surpluskontant

22. As 'n amptenaar by die opmaak van sy kontant bevind dat daar 'n surplus is, bring hy dit as surpluskontant in rekening en waar 'n kontanttekort ontdek word, word die bedrag onverwyld vergoed deur die amptenaar wat aanspreeklik is vir die bewaring en verantwoording daarvan en melding daarvan word in die kasboek op geskikte wyse gemaak.

Inkomste

23.(1) Kwitansies op die voorgeskrewe kwitansievorms word onmiddellik uitgereik ten opsigte van alle gelde ontvang en duplikaatdeurslae daarvan word vir ouditdoeleindes behou en die datum van uitreiking word op sowel die oorspronklike as die teenblad van die kwitansie deur middel van die amptelike datumstempel geëendosseer en die kwitansie word deur die persoon wat die kwitansie uitreik, onderteken.

(2)(a) Niks mag op 'n kwitansievorm, tjek, rekeningboek of register uitgevee word nie.

(b) In die geval van kwitansies of tjeks, waar die fout onderskeidelik die naam van die betaler of ontvanger of die bedrag raak, word die kwitansievorm of die tjekvorm gekanselleer en 'n nuwe uitgereik.

(c) In alle ander gevalle word die verkeerde inskrywing deurgehaal en die regte inskrywing bo ingevoeg en onderteken.

(d) Die oorspronklike en die duplikaatdeurslae van alle gekanselleerde kwitansies, gekanselleerde tjeks en teenblaaie word vir ouditdoeleindes in die betrokke kwitansie- of tjekboek gehou.

(3) Every receipt shall contain an endorsement as to the nature of the remittance e.g. cash, cheque, postal or money order and in the case of a receipt issued in respect of a cheque, the name of the bank and the branch on which the cheque was drawn shall be stated.

(4) All remittances such as cheques, postal or money orders, or other negotiable instruments excluding bank notes, shall immediately on receipt be crossed and marked "not negotiable" by means of a suitable rubber-stamp.

(5) All receipts in respect of moneys received shall be recorded in the cash book without delay and shall be entered in strict chronological order with the receipt numbers in numerical order.

Post.

24(1) The duty of receiving the post and recording in the prescribed register details of all remittances or other negotiable instruments received through the post may be assigned to a responsible officer by the principal, in writing.

(2) The post shall be opened in the presence of the officer referred to in subregulation (1) and a second officer who shall be detailed to assist in this duty and both officers shall initial the said register in the appropriate column.

(3) In the case of registered letters the date of receipt and number of the registration slip shall be entered in the said register before the registration slip is signed and handed in for clearance.

(4) All moneys or other negotiable instruments received through the post shall be handed over immediately to the officers responsible for the accounting thereof and an acknowledgement thereof obtained in the said register.

(5) The principal shall take the necessary precautionary measures to safeguard the receipt of registered postal articles and registered parcel slips shall be signed by him or an officer delegated thereto by him for this purpose.

(6) The senior housemaster or senior housemistress shall check the said register at least once a week to ensure that all valuables referred to therein have been properly accounted for and shall sign the said register in the last column thereof to indicate that this has been done.

(7) The pages of the Remittance Register shall be numbered consecutively throughout and the principal shall verify periodically that no pages have been extracted.

Payment from Petty Cash.

25.(1) Casual expenditure of a minor nature may be made from petty cash and for this purpose an amount not exceeding R10 shall be drawn and the cash so obtained shall be kept in safe custody by the senior housemaster or senior housemistress or officer authorised thereto by him or her.

(2) Payments made from petty cash shall be recorded in the Petty Cash Book and supporting vouchers in respect of each disbursement shall be obtained and kept for audit purposes.

(3) Petty cash shall be replenished from time to time by drawing a cheque for the exact amount dispensed so that the petty cash on hand shall not at any time exceed an amount of R10.

(3) Elke kwitansie moet 'n endossement bevat aangaande die aard van die betaling soos bv. kontant, per tjek, per posorder of per poswissel, en in die geval van 'n kwitansie uitgereik ten opsigte van 'n tjek moet die naam van die bank en die tak waarop die tjek getrek is, vermeld word.

(4) Alle betaalmiddels, soos tjeks, posorders of poswissels of ander verhandelbare stukke, uitgesonderd banknote, word onmiddellik by ontvangs gekruis en "nie verhandelbaar" deur middel van 'n geskikte rubberstempel gemerk.

(5) Alle kwitansies ten opsigte van gelde ontvang, word sonder versuim in die kasboek aangeteken en in streng chronologiese orde met die kwitansienommers in numerieke orde ingeskryf.

Pos

24.(1) Die plig om die pos te ontvang en om besonderhede van alle betalings of ander verhandelbare stukke deur die pos ontvang in die voorgeskrewe register aan te teken, kan skriftelik deur die hoof aan 'n verantwoordelike amptenaar toegewys word.

(2) Die pos word oopgemaak voor die amptenaar, in subregulasie (1) genoem, en 'n tweede amptenaar wat afgesonder is om in hierdie plig behulpsaam te wees en beide amptenare moet die genoemde register in die betrokke kolom parafeer.

(3) In die geval van geregistreerde briewe word die datum van ontvangs en nommer van die registrasiestrokie in die genoemde register aangeteken voordat die registrastrokie onderteken en vir klaring afgegee word.

(4) Alle gelde of ander verhandelbare stukke deur die pos ontvang, word onmiddellik oorhandig aan die amptenare wat vir die verantwoording daarvan aanspreeklik is en 'n erkenning daarvan word in die genoemde register verkry.

(5) Die hoof neem die nodige voorsorgmaatreëls vir die beveiliging van die ontvangs van geregistreerde posstukke, en geregistreerde pakkiestrokies word deur hom of 'n amptenaar wat vir hierdie doel deur hom aangestel is, onderteken.

(6) Die senior huisvader of senior huismoeder gaan die genoemde register minstens een maal weekliks na om te verseker dat alle dinge van waarde daarin genoem behoorlik verantwoord is en hy of sy onderteken die genoemde register in die laaste kolom daarvan om aan te dui dat dit wel gedoen is.

(7) Die bladsye van die genoemde register word dwarsdeur in volgorde genommer en die hoof stel op gesette tye vas dat geen bladsye verwyder is nie.

Betaling uit kleinkas

25.(1) Toevallige klein uitgawes kan uit kleinkas geskied en vir hierdie doel word 'n tjek ten bedrae van hoogstens R10 getrek en die geld aldus verkry, word in veilige bewaring behou deur die senior huisvader of senior huismoeder of amptenaar wat daartoe deur hom of haar gemagtig word.

(2) Betalings uit kleinkas word in die kleinkasboek aangeteken en stawende bewysstukke word ten opsigte van elke uitbetaling vir ouditdoeleindes verkry en behou.

(3) Kleinkas word van tyd tot tyd aangevul deur 'n tjek te trek vir die juiste bedrag wat uitbetaal is, sodat die kleinkas voorhande te gener tyd 'n bedrag van R10 oorskry nie.

Payment by Cheque.

26.(1) All payments other than petty cash payments shall be made by cheque signed by the principal or senior housemaster or senior housemistress and counter-signed by such officials as may be authorised thereto by the Director.

(2) The amount of any cheque shall correspond with the amount of the account or invoice for the payment of which such cheque is drawn and under no circumstances may a cheque be drawn for a greater amount than the amount of such account or invoice.

(3) All payments made by cheque shall be supported by a detailed account or invoice, the duplicate order form referred to in regulation 29(1) and the relative paid cheque, which shall be attached to the face of the paid voucher and which shall serve as a receipt and payment vouchers shall be neatly fastened together and filed in strict chronological order.

(4) All payments made by a hostel shall be recorded in the cash book as soon as they are made and shall be entered in strict chronological order with the cheque numbers recorded in numerical order.

(5) Cheque book counterfoils shall be properly completed and retained for audit purposes.

(6) If an issued cheque remains uncashed for a period of three months from the date of issue such cheque shall be deemed to be cancelled and the amount thereof shall be credited to hostel funds.

Payment of Wages.

27.(a) All payments in respect of wages shall be supported by paysheets properly certified and confirmed by witnesses, and any unspent balance shall immediately be redeposited in the Department's banking account.

(b) The full name and surname of each Bantu employee as well as the tax identification number or national identification number shall be indicated on the paysheet.

Payment of Accounts.

28.(1) All accounts shall be paid promptly and as far as possible in the school term in which the relative expenditure was incurred.

(2) Subject to the provisions of regulations 13(4)(c) and 19(2) no account shall be paid by instalments.

(3) No payment shall be made in advance or before it becomes due and no expenditure shall be incurred in advance of requirements.

(4) No fractional part of a cent shall be included in the totals of accounts.

Goods Delivered.

29.(1)(a) In cases where payments are not made in terms of regulation 25, all goods supplied shall be requisitioned for on the prescribed order form and the duplicate copy of such order form, duly completed, shall form a part of the voucher in support of the payment.

(b) If a duplicate account is submitted for payment in lieu of an original which has been lost, such account shall be supported by a certificate that the account has not previously been paid.

(2) A delivery note, or an invoice which takes the place of such delivery note, shall bear the certificate of the receiving officer that the goods described thereon have been received in good order and that the correct quantities have been supplied.

Betaling per tjek

26.(1) Alle betalings uitgesonderd kleinkasbetalings geskied per tjek wat deur die hoof of senior huisvader of senior huismoeder onderteken word en wat mede-onderteken word deur sodanige ander amptenare as wat daartoe deur die Direkteur gemagtig word.

(2) Die bedrag van enige tjek moet ooreenstem met die bedrag van die rekening of faktuur vir die betaling waarvan sodanige tjek getrek word en onder geen omstandighede mag 'n tjek vir 'n groter bedrag as die bedrag van sodanige rekening of faktuur getrek word nie.

(3) Alle betalings per tjek gedoen, word gestaaf deur 'n uitvoerige rekening of faktuur, die duplikaatbestelvorm, waarna in regulasie 29(1) verwys word, en die betrokke betaalde tjek, wat aan die voorkant van die betaalde bewysstuk gevestig word, en wat dien as kwitansie en betaalbewysstukke, word netjies aanmekaar geheg en in streng chronologiese orde gebêre.

(4) Alle betalings deur die koshuis gemaak word, sodra dit gemaak is in die betrokke kasboek aangeteken en word in streng chronologiese orde ingeskryf met die tjeknommers in numerieke orde aangeteken.

(5) Tjekboekteenblaaie moet behoorlik voltooi en vir ouditdoeleindes behou word.

(6) Indien 'n uitgereikte tjek vir 'n tydperk van drie maande van die datum van uitreiking onbetaald bly, word sodanige tjek gekanselleer geag te wees en die koshuisfondse word met die bedrag daarvan gekrediteer.

Betaling van lone

27.(a) Alle betalings ten opsigte van lone moet gestaaf word deur behoorlik gesertifiseerde en deur getuies gestaafde betaalstate, en enige onbestede saldo moet onmiddellik tot krediet van die Departement se rekening heringelê word.

(b) Die volle name en van van elke Bantoewerknemer, asook belastingidentiteitsnommer of nasionale identiteitsnommer, moet op die betrokke betaalstaat aangegee word.

Betaling van rekeninge

28.(1) Alle rekenings moet stiptelik betaal word en sover moontlik in die skoolkwartaal waarin die betrokke uitgawe aangegaan is.

(2) Behoudens die bepalings van regulasies 13(4)(c) en 19(2) word geen rekening paaiementsgewys afbetaal nie.

(3) Geen betaling geskied vooruit of voordat dit verskuldig word nie en geen uitgawe word voordat dit nodig is, aangegaan nie.

(4) Geen breuk van 'n sent word in die totale van rekenings opgeneem nie.

Gelewerde goedere

29.(1) (a) In gevalle waar betalings nie ingevolge regulasie 25 gedoen word nie, word alle goedere wat gelewer word, op die voorgeskrewe bestelvorm aangevra en die duplikaat afskrif van sodanige bestelvorm, behoorlik voltooi, maak deel van die bewysstuk ter stawing van die betaling uit.

(b) Indien 'n duplikaatrekening vir betaling voorgelê word in plaas van 'n oorspronklike wat verloor is, word sodanige rekening gestaaf deur 'n sertifikaat dat die rekening nie vantevore betaal is nie.

(2) 'n Afleweringsbewys of 'n faktuur wat die plek van sodanige afleweringsbewys inneem, word deur die ontvangsamptenaar gesertifiseer dat die goedere daarop beskryf in goeie orde ontvang is en dat die juiste hoeveelhede gelewer is.

(3) Hostel equipment, farming equipment and consumable articles as per appropriate catalogue shall be requisitioned through the Department.

(4) Consumable articles shall be purchased by a hostel from contractors to the State Tender Board: Provided that if this procedure is not practical or economical to the hostel, purchases shall be made as economically as possible.

(5) Each invoice or voucher shall be carefully scrutinised by the senior housemaster or senior housemistress or officer authorised thereto and a certificate to the effect that the account is correct shall be endorsed thereon.

(6) The following details shall be set out on the accounts submitted for payment —

(a) date on which purchase was made or service rendered;
(b) quantity purchased;
(c) description of goods purchased or service rendered;
(d) price per unit;
(e) total price, or charge for service rendered.

Outstanding Moneys for Board and Lodging.

30. No outstanding boarding fees shall be written off as irrecoverable without the prior written authority of the Director, who shall have the power to order legal proceedings to be taken for the recovery of outstanding fees.

Books of Account to be Open for Inspection.

31. The accounts, financial records and statements and books of account, documents and vouchers thereto shall be open for inspection by an officer, duly authorised thereto by the Director, and the senior housemaster or senior housemistress shall produce and place before such officer, when required, the accounts, the financial records and statements, all books of account and the documents and vouchers relating thereto.

Audit.

32. The Provincial Auditor may arrange for the accounts, financial records and statements of a hostel to be examined from time to time by any person in the service of the Administration deputed by him for that purpose and the senior housemaster or senior housemistress shall produce and place before such person the accounts and financial records and statements of the hostel and all books of account, documents and vouchers relating thereto.

Financial Year.

33. The financial year of a hostel shall extend from the first day of January in any year to the next succeeding thirty-first day of December, inclusive of both such days.

CHAPTER III.

GENERAL.

Contract with Officer.

34. No contract in relation to any matter affecting a hostel may be entered into with any person in the service of the Administration unless the written authority of the Administrator has first been obtained.

Consumable Articles.

35.(1) Consumable articles shall be suitable housed and arranged in such a manner as to facilitate handling and checking and care shall be taken to prevent damage to or deterioration of such articles.

(3) Boerdery-uitrusting, koshuisuitrusting en verbruiksartikels soos per die toepaslike katalogus word deur middel van die Departement aangevra.

(4) Verbruiksartikels word deur 'n koshuis van die kontraktante van die Staatstenderraad gekoop: Met dien verstande dat indien hierdie prosedure nie prakties uitvoerbaar of vir die koshuis ekonomies is nie, aankope so ekonomies moontlik gedoen word.

(5) Elke faktuur of bewysstuk word sorgvuldig deur die senior huisvader of senior huismoeder of amptenaar daartoe gemagtig, nagesien, en 'n sertifikaat ten effekte dat die rekening korrek is, word daarop geëndosseer.

(6) Die volgende besonderhede moet op die rekenings wat vir betaling ingedien word, uiteengesit word —

(a) datum waarop aankope gedoen of diens gelewer is;
(b) hoeveelhede gekoop;
(c) beskrywing van goedere gekoop of diens gelewer;
(d) prys per eenheid;
(e) totale prys, of koste vir diens gelewer.

Uitstaande losiesgelde

30. Geen uitstaande losiesgelde mag as onverhaalbaar afgeskryf word nie tensy skriftelike goedkeuring daartoe vooraf verkry is van die Direkteur wat die bevoegdheid het om te gelas dat geregtelike stappe gedoen word om uitstaande losiesgelde te verhaal.

Rekeningboeke moet ter insae lê

31. Die rekenings, finansiële registers en state en alle rekeningboeke en alle dokumente en bewysstukke wat in verband daarmee staan, moet ter insae lê van 'n amptenaar behoorlik deur die Direkteur daartoe gemagtig, en die senior huisvader of senior huismoeder vertoon en lê die rekeninge, die finansiële registers en state, alle rekeningboeke, en die dokumente en bewysstukke wat in verband daarmee staan aan sodanige amptenaar voor, wanneer dit vereis word.

Ouditering

32. Die Provinsiale Ouditeur kan reël dat die rekenings, finansiële registers en state van 'n koshuis van tyd tot tyd nagesien word deur 'n persoon in die diens van die Administrasie aan wie hy hierdie plig toewys, en die senior huisvader of senior huismoeder vertoon en lê die rekenings en finansiële registers en state van die koshuis en alle rekeningboeke, dokumente en bewysstukke wat in verband daarmee staan aan sodanige persoon voor.

Boekjaar

33. Die boekjaar van 'n koshuis strek van die eerste dag van Januarie in enige jaar tot die daaropvolgende een-en-dertigste dag van Desember, insluitende albei sodanige dae.

HOOFSTUK III

ALGEMEEN

Kontrak met amptenaar

34. Geen kontrak, wat in verband staan met enige aangeleentheid betreffende 'n koshuis, mag met iemand in die diens van die Administrasie aangegaan word nie, tensy die skriftelike magtiging van die Administrateur vooraf verkry is.

(2)(a) The senior housemaster or senior housemistress or officer delegated thereto by him or her in writing, shall be responsible for the safe custody of the consumable articles.

(b) The room containing such articles shall be securely locked at all times.

(3) Articles of a highly inflammable or dangerous nature shall be accommodated in such a place and handled in such a manner, as not to endanger persons or property.

(4) The senior housemaster or senior housemistress shall in the manner prescribed by the Director, account for all containers for which a charge has been raised.

(5) The senior housemaster or senior housemistress shall cause the prescribed records to be maintained for the control of all consumable articles.

(6)(a) When for any reason the handing over of the consumable articles of a hostel is necessitated, the senior housemaster or senior housemistress shall, unless the Director directs otherwise, cause stock to be taken of the consumable articles on hand and he or she shall —

(i) issue a certificate that the consumable articles are in agreement with the stock records; or

(ii) issue a certificate wherein any discrepancy is shown.

(b) The said successor shall sign the appropriate certificate referred to in paragraph (a)(i), and in the case of a certificate referred to in paragraph (a)(ii), he shall also inform the Director in writing of any discrepancy.

Stocktaking.

36. The senior housemaster or senior housemistress shall in the presence of an officer appointed for the purpose, take stock of all hostel equipment, consumable articles and livestock on hand on such dates as may from time to time be prescribed by the Director and any losses or deficiencies shall be reported forthwith to the Director.

Disestablishment of Hostel.

37. When a hostel is discontinued or farming activities are abandoned, all hostel equipment, farming equipment, livestock and other assets shall be fully catalogued and disposed of as instructed by the Director.

Verbruiksartikels

35.(1) Verbruiksartikels moet behoorlik onderdak gebring en op 'n wyse gerankskik word dat dit hantering en kontrole vergemaklik en sorg moet gedra word om skade aan of verslegting van sodanige artikels te voorkom.

(2) (a) Die senior huisvader of senior huismoeder of amptenaar skriftelik deur hom of haar aangewys, is aanspreeklik vir die veilige bewaring van die verbruiksartikels.

(b) Die kamer wat sodanige artikels bevat moet ten alle tye stewig gesluit wees.

(3) Lig ontvlambare of gevaarlike artikels word in so 'n plek gehuisves en op so 'n wyse gehanteer dat dit nie gevaar vir persone of eiendomme inhou nie.

(4) Die senior huisvader of senior huismoeder gee op die wyse deur die Direkteur voorgeskryf rekenskap van alle houers waarvoor 'n heffing gemaak is.

(5) Die senior huisvader of senior huismoeder laat die voorgeskrewe registers vir die kontrole van alle verbruiksartikels byhou.

(6) (a) Waar om enige rede die oorhandiging van die verbruiksartikels van 'n koshuis aan 'n opvolger genoodsaak word, laat die senior huisvader of senior huismoeder, tensy die Direkteur anders gelas, 'n voorraadopname van die verbruiksartikels voorhande maak, en moet hy of sy —

(i) 'n sertifikaat verstrek, dat die verbruiksartikels voorhande ooreenstem met die voorraderegisters; of

(ii) 'n sertifikaat verstrek waarin enige verskille aangetoon word.

(b) Genoemde opvolger moet die toepaslike sertifikaat in paragraaf (a)(i) genoem, onderteken en in die geval van 'n sertifikaat in paragraaf (a)(ii) genoem, ook die Direkteur skriftelik in kennis stel van enige verskil.

Voorraadopnames

36. Die senior huisvader of senior huismoeder voer in die teenwoordigheid van 'n amptenaar, vir die doel aangestel, op sodanige datums as wat die Direkteur van tyd tot tyd voorskryf, 'n voorraadopname van alle koshuisuitrusting, boerdery-uitrusting, verbruiksartikels en lewende hawe uit en verliese of tekorte word onverwyld aan die Direkteur gerapporteer.

Opheffing van koshuis

37. Wanneer 'n koshuis opgehef of boerderybedrywighede gestaak word, word alle koshuisuitrusting, boerderyuitrusting, lewende hawe en alle ander bates volledig gekatalogiseer en word daaroor beskik soos deur die Direkteur gelas.

Administrator's Notice 1739 4 October, 1972

WHITE RIVER MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the White River Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February 1951, as amended, are hereby further amended by the substitution for sections 50, 51 and 52 of the following:—

Administrateurskennisgewing 1739 4 Oktober 1972

MUNISIPALITEIT WITRIVIER: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Witrivier, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikels 50, 51 en 52 deur die volgende te vervang:—

"50. No person being the owner or occupier of any premises shall, except with the written consent of the Council and subject to such conditions as the Council may impose, sink any well or borehole thereon or abstract any subterranean water therefrom."

P.B. 2-4-2-77-74.

Administrator's Notice 1740 4 October, 1972

OTTOSHOOP HEALTH COMMITTEE: STANDING ORDERS FOR HEALTH COMMITTEES.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, read with section 42 of the Standing Orders for Health Committees, published under Administrator's Notice 421, dated 31 March 1971, makes the said Standing Orders applicable to the Ottoshoop Health Committee by the addition under the Schedule thereto of the following:—

"Ottoshoop Health Committee."

PB. 2-4-2-86-110

Administrator's Notice 1741 4 October, 1972

OTTOSHOOP HEALTH COMMITTEE: AMENDMENT TO STANDING ORDERS AND FINANCIAL REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 164(3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126(1)(a) of the said Ordinance.

The Standing Orders and Financial Regulations of the Ottoshoop Health Committee, published under Administrator's Notice 1037, dated 23 November 1955, are hereby amended as follows:—

1. By the deletion in the title of the words "Standing Orders and"
2. By the deletion of Part I.
3. By the insertion after section 12 under Part II of the following and the renumbering of sections 13, 14 and 15 to read 14, 15 and 16 respectively:—

"13. Except in case of emergency, before any contract for the execution of any work or the supply of any goods to the amount of R200 or upwards is entered into by the committee, fourteen days' clear notice at least shall be given in some newspaper circulating in the area under the jurisdiction of the committee expressing the purpose of such contract and inviting any person willing to undertake the contract to submit a tender for that purpose to the committee. The committee shall accept the tender which upon consideration of all the circumstances, appears to it to be most advantageous and shall take security for the due and faithful performance of every such contract, or the committee may decline to accept any such tender. Before any such contract is entered into for the said sum of R200 or upwards without the invitation of tenders as aforesaid, the committee shall obtain the Administrator's approval and for this purpose it shall submit a report to the Administrator setting forth the reasons for dispensing with the invitation of tenders."

PB. 2-4-2-86-110.

"50. Geen eienaar of okkupeerder van 'n perseel mag, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad oplê, enige put of boorgat daarop sink of enige ondergrondse water daaruit put nie."

P.B. 2-4-2-77-74.

Administrateurskennisgewing 1740 4 Oktober 1972

GESONDHEIDSKOMITEE VAN OTTOSHOOP: REGLEMENT VAN ORDE VIR GESONDHEIDSKOMITEES.

Die Administrateur maak hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 42 van die Reglement van Orde vir Gesondheidskomitees, afgekondig by Administrateurskennisgewing 421 van 31 Maaart 1971, genoemde Reglement van Orde op die Gesondheidskomitee van Ottoshoop van toepassing deur onder die Bylae daarby die volgende by te voeg:—

"Gesondheidskomitee van Ottoshoop."

PB. 2-4-2-86-110

Administrateurskennisgewing 1741 4 Oktober 1972

GESONDHEIDSKOMITEE VAN OTTOSHOOP: WYSIGING VAN REGLEMENT VAN ORDE EN FINANSIËLE REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126(1)(a) opgestel is.

Die Reglement van Orde en Finansiële Regulasies van die Gesondheidskomitee van Ottoshoop, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1037 van 23 November 1955, word hierby soos volg gewysig:—

1. Deur in die titel die woorde "Reglement van Orde en" te skrap.
2. Deur Deel I te skrap.
3. Deur na artikel 12 onder Deel II die volgende in te voeg en artikels 13, 14 en 15 onderskeidelik te hernommer 14, 15 en 16:—

"13. Behalwe in dringende gevalle moet die komitee, voordat hy 'n kontrak vir die uitvoer van enige werk of vir die lewering van goedere vir 'n bedrag van R200 en daarbo aangaan, eers minstens veertien dae kennis daarvan in 'n nuusblad, wat in sy jurisdiksiegebied gelees word, gee. In die kennisgewing moet die doel van die kontrak vermeld word en iedereen wat voornemens is om die kontrak aan te gaan, moet gevra word om voorstelle vir dié doel aan die komitee te stuur. Die komitee moet die voorstel aanneem wat, nadat alle omstandighede in oorweging geneem is, na sy mening die voordeligste is, en vir die behoorlike en getroue nakoming van elke kontrak waarborg neem, of die komitee kan enige sodanige voorstel van die hand wys. Voordat enige kontrak aangegaan word vir genoemde bedrag van R200 en daarbo sonder dat daarom onder die publiek tenders aangevra is, soos voormeld, moet die komitee die goedkeuring van die Administrateur verkry en vir die doel moet hy 'n verslag aan die Administrateur voorlê met vermelding van die redes waarom daar van die aanvra van tenders afgesien moet word."

PB. 2-4-2-86-110.

Administrator's Notice 1742 4 October, 1972

INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF FREEWAY P157-1: FLYING SAUCER TO JAN SMUTS AIRPORT: DISTRICT OF PRETORIA.

The Administrator, in terms of section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957) hereby increases the width of the road reserve of the abovementioned public road, as indicated and described on the subjoined sketch plan.

D.P.H. 012-23/21/P157-1
D.P.H. 012-14/9/21

Administrateurskennisgewing 1742 4 Oktober 1972

VERMEERDERING VAN BREEDTE VAN DIE PAD-RESERWE VAN DEURPAD P157-1: VLIEËNDE PIERING NA JAN SMUTSLUGHAWE: DISTRIK PRETORIA.

Die Administrateur, ingevolge artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) vermeerder hierby die breedte van die padreserwe van bogenoemde openbare pad soos aangetoon en beskryf op die bygaande sketsplan.

D.P.H. 012-23/21/P157-1
D.P.H. 012-14/9/21



Administrator's Notice 1743 4 October, 1972

BENONI MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Benoni Municipality, published under Administrator's Notice 491, dated 1 July 1953, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for Scale 3 of the Electric Light Tariff of the following:—

Administrateurskennisgewing 1743 4 Oktober 1972

MUNISIPALITEIT BENONI: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Benoni, afgekondig by Administrateurskennisgewing 491 van 1 Julie 1953, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur skaal 3 van die Tarief vir Elektriese Lig deur die volgende te vervang:—

"Scale 3. Industrial and Commercial (above 40kW)

(1) A service charge of R10 per month.

(2) A demand charge at the rate of R1,426 per kW of the maximum demand in the month.
The maximum demand figure for calculating the charges in terms of this item shall be either the actual maximum demand registered in kW over any succeeding period of sixty minutes during the month or 70 per cent of the maximum demand already registered or 70 per cent of the maximum demand applied for, whichever amount is the highest, with a minimum based on a maximum demand of 40 kW. Six months' notice of intention to stop or reduce such supply shall be given to the Electricity Department.

(3) A unit charge at the rate of 0,27c per unit of electricity supplied in the month, subject to the following adjustments:—

(a) A discount of 20 per cent on the excess over R1 000 of the aggregate of the charges payable in terms of subitems (1), (2) and (3) of this scale.

(b) A general surcharge of 12½ per cent shall be levied on the aggregate of the charges payable in terms of subitems (1), (2) and (3) of this scale. Where the discount of 20 per cent applies in terms of paragraph (a), this surcharge shall be calculated on the amount arrived at after deducting the discount of 20 per cent.

(4) In addition to the amounts payable in terms of subitems (1), (2) and (3) of this scale, a surcharge of 5 per cent on the sum of such amounts shall be payable."

2. By the substitution in the Tariff of Charges (To be Paid in Advance) for Work Done by Council —

(a) in item 3 for the figure "R2" of the figure "R5";

(b) for item 8 of the following:—

"8. The cost of connecting a premises to the supply mains shall be the actual cost of an underground electrical cable connection with meters, from the point of connection upon the consumer's premises to the nearest street point of connection of the supply mains, subject to a minimum amount of R110 and R150 for a single-phase or three-phase connection respectively."; and

(c) in item 12 for the figure "R2" of the figure "R5".

PB. 2-4-2-36-6.

"Skaal 3. Nywerheid en Handel (bo 40kW)

(1) 'n Diensheffing van R10 per maand.

(2) 'n Aanvraagtarief teen R1,426 per kW van die maksimum aanvraag in die maand. Die maksimum aanvraagsyfer vir die berekening van die gelde ingevolge hierdie item is òf die werklike maksimum aanvraag geregistreer in kW oor enige opeenvolgende sestig minute gedurende die maand òf 70 persent van die maksimum aanvraag waarvoor aansoek gedoen is, welke bedrag ook al die hoogste is, met 'n minimum gebaseer op 'n maksimum aanvraag van 40 kW. Ses maande skriftelike kennisgewing van staking of vermindering van sodanige toevoer moet aan die Elektrisiteitsdepartement gegee word.

(3) 'n Eenheidstarief teen 0,27c per eenheid elektrisiteit in die maand gelewer, onderworpe aan die volgende aanpassings:—

(a) 'n Korting van 20 persent op die oorskryding bo R1 000 van die totaal van die gelde betaalbaar ingevoleg subitems (1), (2) en (3) van hierdie skaal.

(b) 'n Algemene toeslag van 12½ persent word gehef op die totaal van die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1), (2) en (3) van hierdie skaal. Waar die afslag van 20 persent van toepassing is ingevolge paragraaf (a), word hierdie toeslag bereken op die bedrag wat verkry word nadat die korting van 20 persent afgetrek is.

(4) Benewens die bedrae betaalbaar ingevolge subitems (1), (2) en (3) van hierdie skaal is 'n toeslag van 5 persent op die som van sodanige bedrae betaalbaar."

2. Deur in die Tarief van Koste (Vooruitbetaalbaar) vir Werk Gedoen deur die Raad —

(a) in item 3 die syfer "R2" deur die syfer "R5" te vervang;

(b) item 8 deur die volgende te vervang:—

"8. Die koste van aansluiting van 'n perseel by die toevoerhoofleidings bedra die werklike koste vir 'n ondergrondse elektriese kabelaansluiting met meters, vanaf die aansluitingspunt op die verbruiker se perseel tot by die naaste straataansluitingspunt van die toevoerhoofleidings onderworpe aan 'n minimum bedrag van R110 en R150, vir onderskeidelik 'n enkelfasige of driefasige aansluiting."; en

(c) in item 12 die syfer "R2" deur die syfer "R5" te vervang.

PB. 2-4-2-36-6.

Administrator's Notice 1744 4 October, 1972

DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Beyers Park Extension No. 6 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

P.B. 4-2-2-3617

SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY CHRISTOFFEL JOHANNES ERASMUS UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 14 OF THE FARM KLIPFONTEIN NO. 83-I.R., DISTRICT BOKSBURG, WAS GRANTED.

Administrateurskennisgewing 1744 4 Oktober 1972

VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Beyers Park Uitbreiding No. 6 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

P.B. 4-2-2-3617

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR CHRISTOFEL JOHANNES ERASMUS INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 14 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN NO. 83-I.R., DISTRIK BOKSBURG, TOEGESTAAN IS.

A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Beyers Park Extension No. 6.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.1659/72.

3. *Streets.*

(a) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Townships Board and the local authority.

(b) The applicant shall at its own expense remove all obstacles from the street reserves to the satisfaction of the local authority.

4. *Endowment.*

(a) Payable to the local authority:
The township owner shall, in terms of section 63(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay to the local authority as endowment sums of money equal to 15% of the land value of erven in the township which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or stormwater drainage in or for the township.

Such endowment shall be paid in accordance with the provisions of section 74 of the aforesaid Ordinance.

(b) Payable to the Transvaal Education Department.
The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 25 of 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of special residential erven in the township.

(i) In respect of the general residential erf.
The area of land shall be calculated by multiplying 15,86 square metres by the number of flat units which can be erected in the township. Each flat unit to be taken as 99,1 square metres in extent.

(ii) In respect of special residential erven:
The area of the land shall be calculated by multiplying 48,08 square metres by the number of special residential erven in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

5. *Disposal of Existing Conditions of Title.*

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitude which affects a street in the township only:—

A. STIGTINGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Beyers Park Uitbreiding No. 6.

2. *Ontwerpplan van die Dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.1659/72.

3. *Strate.*

(a) Die applikant moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat dié verantoordelikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van die aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(b) Die applikant moet op eie koste alle hindernisse in die straatreserwes tot bevrediging van die plaaslike bestuur verwyder.

4. *Begiftiging.*

(a) Betaalbaar aan die plaaslike bestuur.
Die dorpseienaar moet, ingevolge die bepalings van artikel 63(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965, as begiftiging aan die plaaslike bestuur bedrae geld betaal gelykstaande met: 15% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die bou van strate en/of stormwaterdreinering in of vir die dorp.
Sodanige begiftiging is ooreenkomstig die bepalings van artikel 74 van die bedoelde Ordonnansie betaalbaar.

(b) Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysedepartement.
Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikels 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op beplanning en Dorpe, 25 van 1965, 'n begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement op die grondwaarde van spesiale woonerwe in die dorp betaal.

(i) Ten opsigte van algemene woonerwe.
Die grootte van hierdie grond word bereken deur 15,86 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal woonsteleenhede wat in die dorp gebou kan word; elke woonsteleenheid moet beskou word as groot 99,1 vierkante meter.

(ii) Ten opsige van spesiale woonerwe.
Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48,08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal spesiale woonerwe in die dorp.
Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

5. *Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.*

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte maar uitgesonderd van die volgene serwituut wat slegs 'n straat in die dorp raak:—

The Ground hereby transferred shall be subject to the servitude of a right of way in perpetuity in favour of Henderson's Transvaal Estates, Limited, their successors, administrators or assigns over an area extending thirty (30) feet wide along the whole of the western boundary of the portion hereby transferred and this Roadway shall be at all times open for use of the Henderson's Transvaal Estates, Limited, their successors, administrators or assigns, and all occupants of the farm Klipfontein No. 83-I.R., District Boksburg.

6. Erf for Municipal Purposes.

Erf No. 478 as shown on the general plan shall be transferred to the local authority by and at the expense of the applicant as a park.

7. Demolition of Buildings.

The applicant shall at his own expense cause all buildings, situated within the building line reserves, side spaces, or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority when required to do so by the local authority.

8. Restriction on the Grant and Registration of Leases in Terms of Section 11 of Act 33 of 1907 (Transvaal).

In terms of section 11 of Act 33 of 1907, the township owner, his heirs, successors, or assigns shall not grant a title to any erf in the township other than a freehold title or a lease for a period not exceeding five years without the right of renewal and no title or such lease as aforesaid shall be capable of being registered in any registration office.

9. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B. CONDITIONS OF TITLE.

1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:

(i) The erf mentioned in Clause A6 hereof;
(ii) such erven as may be acquired by the State; and
(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required,

shall be subject to the conditions hereinafter set, forth, imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 25 of 1965.

(a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.

The Ground hereby transferred shall be subject to the servitude of a right of way in perpetuity in favour of Henderson's Transvaal Estates, Limited, their successors, administrators or assigns over an area extending thirty (30) feet wide along the whole of the western boundary of the portion hereby transferred and this Roadway shall be at all times open for use of the Henderson's Transvaal Estates Limited, their successors, administrators or assigns, and all occupants of the farm Klipfontein No. 83-I.R., District Boksburg.

6. Erf vir Munisipale Doeleindes.

Die applikant moet op eie koste Erf No. 478 soos op die algemene plan aangedui aan die plaaslike bestuur oordra as 'n park.

7. Sloping van Geboue.

Die applikant moet op eie koste alle geboue oor gemeenskaplike grense, binne kantruimtes of boubeperkingslyne laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

8. Beperking op Toestaan en Registrasie van Huurkontrakte Kragtens Artikel 11 van Wet 33 van 1907 (Transvaal).

Kragtens artikel 11 van Wet 33 van 1907, mag die dorpseienaar, sy erfgename, opvolgers of gemagtigdes nie 'n titel tot enige erf in die dorp toestaan nie, uitgesonderd 'n titel tot vry eiendomsreg of 'n huurkontrak vir 'n tydperk wat vyf jaar nie te bowe gaan nie sonder die reg van hernuwing, en geen titel of sodanige huurkontrak soos voornoem mag in enige registrasiekantoor geregistreer word nie.

9. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

B. TITELVOORWAARDES.

1. Die Erwe met sereke Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van:

(i) die erf genoem in klousule A6 hiervan;
(ii) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het,

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965:

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

2. *State and Municipal Erven.*

Should the erf referred to in Clause A6 or any erf acquired as contemplated in Clause B1(ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be determined by the Administrator.

Administrator's Notice 1745 4 October, 1972

POTCHEFSTROOM MUNICIPALITY: BY-LAWS IN RESPECT OF CEMETERY FOR WHITES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, and approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

CHAPTER I.

Definitions.

1. In these by-laws, unless the contents otherwise indicates —

"adult" means any deceased person whose coffin will fit in the aperture prescribed for adults in terms of section 30(2)(a);

"caretaker" means the person from time to time holding the appointment of caretaker or superintendent of any cemetery or acting in such capacity in the service of the Council;

"Cemetery" means any piece of ground duly set apart by the Council as a public cemetery for Whites, whether inside or outside the muncipality;

"child" means any deceased person whose coffin will fit in the aperture prescribed for children in terms of section 30(2)(b);

"Council" means the Town Council of Potchefstroom and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960;

"memorial work" means any tombstone, railing, monument inscription or other work erected or which may be erected upon any grave;

"owner" includes the person who has paid or caused to paid any of the charges set out in these by-laws or who has obtained any of the rights set out in these by-laws or who has obtained the right to cause the erection or construction of any memorial work or who has obtained any other rights or interest mentioned or referred to in these by-laws;

"person" means any person but does not include an officer of the Council acting in the course and within the scope of his duties in any cemetery;

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rooilhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

2. *Staats- en Munisipale Erwe.*

As die erf waarvan melding in klousule A6 gemaak word of enige erf verkry soos beoog in klousule B1(ii) en (iii) hiervan, geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur mag bepaal.

Administrateurskennisgewing 1745 4 Oktober 1972

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM: VERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN BEGRAAFPLAAS VIR BLANKES.

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

HOOFSTUK I.

Woordomskrywing.

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die sinsverband anders blyk, beteken —

"begraafplaas" 'n stuk grond wat behoorlik deur die Raad opsy gesit is as 'n openbare begraafplaas vir Blankes, hetsy binne of buite die munisipaliteit;

"eienaar" ook die persoon wat enige van die vorderings in hierdie verordeninge uiteengesit, betaal het of laat betaal het of wat enige van die regte in hierdie verordeninge uiteengesit, verkry het, of wat die reg verkry het om enige gedenkteken te laat oprig of bou of wat enige ander regte of belange in hierdie verordeninge vermeld of genoem, verkry het;

"enkele graf" 'n stuk grond aangelê vir 'n enkele graf binne 'n begraafplaas waarvan die alleenreg om een lyk daarin ter aarde te bestel ingevolge hierdie verordeninge verkry is;

"gedenkteken" 'n grafsteen, traliewerk, monument, grafskrif of ander bouwerk wat op 'n graf opgerig is of daar opgerig kan word;

"kind" 'n afgestorwe persoon wie se doodkis sal pas in die grafopening ingevolge artikel 30(2)(b) vir kinders voorgeskryf;

"opsigter" die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van opsigter of superintendent van 'n begraafplaas beklee of wat in sodanige hoedanigheid in diens van die Raad optree;

"perseel" 'n stuk grond wat vir twee enkelgrafte aangelê is waarvan die reg om twee lyke daarin ter aarde te bestel ingevolge hierdie verordeninge verkry is;

"persoon" enige persoon, uitgesonderd 'n beampte van die Raad wat in die loop van en binne die bestek van sy pligte by 'n graafplaas optree;

"plot" means any piece of ground laid out for two single graves in which ground the right to inter two bodies has been obtained in terms of these by-laws;

"Registrar of Deaths" means any person from time to time appointed by the Government to register deaths;

"single grave" means any piece of ground laid out for a single grave within the cemetery of which the exclusive right to inter one body has been obtained in terms of these by-laws;

Establishment of Cemetery.

2. The Council may from time to time set apart any ground for the purpose of a cemetery for Whites and no person shall bury or inter or cause any body to be buried or interred in any other place in the municipality, except with written consent of the Council.

Permission of Caretaker for Interments.

3. No person shall bury or inter or cause any body to be buried or interred within a cemetery without the permission of the caretaker. Such permission shall only be given when a written order signed by the Registrar of Deaths authorised such interment is furnished to the caretaker with the notice of interment. In all cases where an inquest has been held a magistrate's warrant shall in addition be furnished to the caretaker.

Free Burial.

4. The Council may, upon application and at its discretion, inter any body free of charge in such place and manner as the Council may decide.

Cemetery Hours for Visitors.

5.(1) Every cemetery shall be open to the public daily from 8 a.m. to 4.30 p.m.: Provided that the Council shall have the right to close to the public any cemetery or portion thereof for such periods as the Council may deem fit.

(2) No person shall be or remain in any cemetery or portion thereof before or after the hours mentioned in subsection (1) or during any period when the cemetery is closed to the public.

Visits by Children.

6. No person under the age of 12 years shall enter, be or remain in a cemetery unless such person is under the care of a responsible person.

Keeping to Paths.

7. Except for the purposes permitted by these by-laws, all persons shall walk on or use only the roads and walks provided in the cemetery.

Visits by Non-Whites.

8. No Bantu, Coloured or Asiatic shall enter the cemetery without the permission of the caretaker.

Entrance to and Exit from Cemetery.

9. No person shall enter or leave any cemetery except by the gates and no person shall enter any office or enclosed place in any cemetery except on lawful business.

"Raad" die Stadsraad van Potchefstroom en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, aan hom gedelegeer is;

"Registrateur van Sterfgevalle" 'n persoon wat van tyd tot tyd deur die Regering aangestel is om sterfgevalle te registreer;

"volwassene" 'n afgestorwe persoon wie se doodkis sal pas in die grafopening ingevolge artikel 30(2)(a) vir volwassenes voorgeskryf.

Vestiging van Begraafplaas.

2. Die Raad kan van tyd tot tyd enige grond vir die doel van 'n begraafplaas vir Blankes afsonder en niemand mag 'n lyk begrawe of laat begrawe in enige ander plek in die munisipaliteit nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Raad.

Toestemming van Opsigter vir Teraardebestellings.

3. Niemand mag sonder die toestemming van die opsigter 'n lyk binne 'n begraafplaas begrawe of laat begrawe nie. Sodanige toestemming word slegs verleen indien 'n skriftelike bevel onderteken deur die Registrateur van Sterfgevalle, waardeur sodanige teraardebestelling gemagtig word tesame met die kennisgewing van teraardebestelling aan die opsigter getoon word. In alle gevalle waar 'n lykskouing gehou is moet 'n bykomende landdros-lasbrief ook aan die opsigter getoon word.

Gratis Teraardebestelling.

4. Die Raad kan op aansoek en na goeddunke 'n lyk kosteloos in sodanige plek en op sodanige wyse ter aarde bestel as wat die Raad besluit.

Begraafplaasure vir Besoekers.

5.(1) Elke begraafplaas is daagliks vir die publiek oop vanaf 8 vm. tot 4.30 nm: Met dien verstande dat die Raad die bevoegdheid het om enige begraafplaas of gedeelte daarvan vir sodanige tydperk as wat die Raad goedvind vir die publiek te sluit.

(2) Niemand mag in 'n begraafplaas of gedeelte daarvan wees of aanbly voor of na die ure vermeld in subartikel (1) of gedurende enige tydperk wanneer die begraafplaas vir die publiek gesluit is nie.

Besoek deur Kinders.

6. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag 'n begraafplaas binnegaan, daarin wees of daarin aanbly nie tensy sodanige persoon onder die toesig van 'n verantwoordelike persoon is.

Beperking tot Paaie.

7. Uitgesonderd vir doeleindes wat by hierdie verordeninge toegelaat word, moet alle persone slegs die paaie en voetpaadjies wat in die begraafplaas verskaf is, gebruik.

Besoeke deur Nie-Blankes.

8. Sonder die toestemming van die opsigter mag geen Bantoe, Kleurling of Asiaat die begraafplaas binnegaan nie.

Ingang en Uitgang by Begraafplaas.

9. Niemand mag 'n begraafplaas binnegaan of verlaat nie behalwe deur die hekke en niemand mag 'n kantoor of omheinde plek in 'n begraafplaas binnegaan nie behalwe vir wettige besigheid.

Distribution of Tracts or Advertisements.

10. No person shall solicit any business order, or exhibit, distribute or leave any tracts, business cards or advertisements within any cemetery and no person shall use any cemetery road or walk for the conveyance of goods, parcels or other material except such as are intended for use in the cemetery.

Sitting or Climbing upon Memorial Work.

11. No person shall sit or stand on or climb upon or over any memorial work, grave, gate, wall, fence or building in any cemetery.

Committing Nuisances.

12. No person shall be or commit or cause any nuisance within a cemetery.

Animals in Cemetery.

13. No person shall bring into or allow any animal to wander inside any cemetery. Any such animal found in any cemetery may be destroyed by the Council without paying any compensation to the owner thereof.

Riding Forbidden.

14. No person shall ride any animal or cycle within any cemetery without the specific permission of the Council.

Games and Discharge of Arms.

15(1) No person shall shoot wild birds or animals in or within 300 m of any cemetery.

(2) No person shall play any game or sport in any cemetery, or discharge any firearms except as a salute at a military funeral, or discharge any airgun or catapult therein or disturb or annoy any person present therein.

Speed of Vehicles.

16. No vehicle shall exceed a speed of 16 km per hour within any cemetery area.

Disturbance of Soil or Plants.

17. Except where it is expressly permitted in terms of these by-laws, no person shall disturb the soil or plant or uproot any shrub, flower, or in any way interfere with any grave or construction work in any cemetery.

Demonstrations.

18. No person shall hold or take part in any demonstration in any cemetery.

Complaints.

19. Any person wishing to make any complaint shall forward such complaint to the Town Clerk in writing.

Defacing Memorial Work.

20. No person shall mark, draw, scribble or display advertisements or other matter upon, or in any way deface any wall, building, fence, gate, memorial work or other construction within a cemetery.

Verspreiding van Traktate en Advertensies.

10. Niemand mag enige besigheid, bestelling of uitstalling werf nie, of besigheidskaarte of advertensie binne 'n begraafplaas uitdeel of laat nie en niemand mag 'n pad of voetpad in 'n begraafplaas gebruik vir vervoer van goedere, pakkies of ander materiaal nie, behalwe wanneer dit bestem is vir gebruik in sodanige begraafplaas.

Sit of Klim oor Gedenktekens.

11. Niemand mag op of oor 'n gedenkteken, graf, hek, muur, omheining of gebou in 'n begraafplaas sit, staan of klim nie.

Oorlas.

12. Niemand mag 'n oorlas in 'n begraafplaas wees of veroorsaak of toelaat nie.

Diere in Begraafplaas.

13. Niemand mag 'n dier binne 'n begraafplaas bring of toelaat om binne 'n begraafplaas rond te loop nie. Enige sodanige dier wat in 'n begraafplaas aangetref word, kan sonder vergoeding aan die eienaar daarvan deur die Raad van kant gemaak word.

Ry Verbode.

14. Niemand mag op enige dier of fiets binne 'n begraafplaas ry nie sonder die uitdruklike toestemming van die Raad.

Spele en Afvuur van Wapens Verbode.

15.(1) Niemand mag wilde voëls in of binne 'n afstand van 300 m van 'n begraafplaas skiet nie.

(2) Niemand mag enige spel of sport binne 'n begraafplaas speel nie, of enige wapens afvuur nie behalwe as 'n saluut by 'n militêre begrafnis, of enige windbuks of rekker daarin afskiet nie of enige persoon daarin hinder of lastig val nie.

Snelheid van Voertuie.

16. Geen voertuig mag 'n snelheid van 16 km per uur in 'n begraafplaas oorskry nie.

Versteuring van Grond of Plante.

17. Behalwe waar dit uitdruklik ingevolge hierdie verordeninge toegelaat word, mag niemand die grond omkrap of 'n struik, gewas of blom plant of uittrek nie of hom op enige wyse met 'n graf of bouwerk in die begraafplaas bemoei nie.

Betogings.

18. Niemand mag binne 'n begraafplaas 'n betoging hou of daaraan deelneem nie.

Klagtes.

19. Iedereen wat 'n klagte wil indien moet sodanige klagte skriftelik aan die Stadsklerk stuur.

Ontsiering van Gedenktekens.

20. Niemand mag 'n muur, gebou, omheining, hek, gedenkteken of ander oprigting in 'n begraafplaas merk, daarop teken, dit bekrap of advertensies of ander voorwerpe daarop aanbring of dit op watter wyse ook al skend nie.

Charges.

21. The charges specified in the Schedule hereto shall be paid to the Council in respect of the various items therein mentioned within the times therein mentioned.

Right to Ground in Cemetery.

22(1) No person shall acquire any right to, or interest in, any ground or grave in any cemetery other than such rights or interests as may be obtainable in terms of these by-laws.

(2) No person shall transfer or sell any interest or share in any single grave or plot, except to the Council.

Transfer.

23. Every transfer of any interest in a single grave or plot shall be registered by the Council and the prescribed charges shall be paid to the Council.

CHAPTER II.

INTERMENTS.

Purchase of Grave or Plot.

24. The Council may at its discretion sell to any person the right to any piece of ground for a single grave or a plot on payment of the charges prescribed in the Schedule hereto. Unless otherwise arranged, such grave or plot shall have the dimensions described in section 30.

Reservation of Grave or Plot.

25. Any person desiring to reserve the use of any single grave or plot shall apply in writing. Such grave or a plot shall be allotted and held subject to these by-laws, as amended from time to time.

Payment for Interment.

26. Any person wishing to have any body interred in any single grave or any grave contained in a plot, shall for each separate interment in such grave, pay the charges prescribed in the Schedule hereto.

Notice of Interment.

27. Any person wishing to have any body interred shall give notice to the caretaker on the official form issued by the Council for that purpose, not less than 6 hours before such interment and such person shall in the said notice furnish in addition to the particulars required in terms of section 13 of the Regulations under the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963) published under Government Notice R.1737, dated 1 October 1971, the religious denomination of the deceased person. Any person giving false information in such notice shall be deemed to have committed a breach of these by-laws.

Alteration in Date or Time of Interment.

28. Should any alteration be made in the day or hour previously fixed for an interment, notice of such alteration shall be given to the caretaker at the cemetery not less than 6 hours before the new time fixed for such interment.

Office Hours.

29. The office of the caretaker will be open between the hours 8 a.m. and 4.30 p.m. weekdays except Saturdays, Sundays and public holidays.

Gelde.

21. Die gelde uiteengesit in die Bylae hierby moet aan die Raad betaal word ten opsigte van die verskillende items wat daarin vervat is en binne die tydperk daarin vermeld.

Belang in Grond in Begraafplaas.

22.(1) Niemand mag 'n reg op, of belang by, enige grond of graf in 'n begraafplaas verkry nie, behalwe sodanige regte of belange as wat ingevolge hierdie verordeninge verkry kan word.

(2) Niemand mag enige belang by of aandeel in 'n enkele graf of perseel oordra of verkoop nie, behalwe aan die Raad.

Oordrag.

23. Elke oordrag van belang by of aandeel in 'n enkele graf of perseel word deur die Raad geregistreer en die voorgeskrewe gelde moet aan die Raad betaal word.

HOOFSTUK II.

TERAARDEBESTELLINGS.

Aankoop van Graf of Perseel.

24. Die Raad kan na goeddunke die reg tot 'n stuk grond vir 'n enkele graf of 'n perseel aan 'n persoon verkoop teen betaling van die gelde in die Bylae hierby uiteengesit. Tensy anders gereël moet so 'n enkele graf of perseel die afmetings hê wat in artikel 30 beskryf word.

Bespreking van Graf of Perseel.

25. Iedereen wat die gebruik van 'n enkele graf op 'n perseel wil reserveer moet skriftelik daarop aansoek doen. Sodanige graf of perseel word toegewys en gehou behoudens hierdie verordeninge, soos van tyd tot tyd gewysig.

Betaling vir Teraardebestelling.

26. Iedereen wat 'n lyk in 'n enkele graf of in 'n graf binne 'n perseel ter aarde wil laat bestel moet vir elke afsonderlike teraardebestelling in sodanige graf of perseel die gelde betaal wat in die Bylae hierby voorgeskryf word.

